UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

B1979

# DIE VRUGBAARHEIDSVERWAGTINGE VAN KLEURLINGE IN EERSTERUST, PRETORIA. 'N BEVOLKINGSOSIOLOGIESE STUDIE.

deur

ANDRIES STEPHANUS DU TOIT

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die
Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

PRETORIA SEPTEMBER 1967

2434117

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

My opregte dank aan dr. N.J. Rhoodie vir sy leiding en aan alle ander persone wat bygedra het tot die suksesvolle afhandeling van die ondersoek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

OPGEDRA AAN MY OUERS.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# I N H O U D S O P G A W E

Bladsy

## H O O F S T U K 1

### INLEIDING

1.1 DOEL VAN ONDERSOEK 1
1.2 DIE ONDERSOEKGROEP 2
1.3 METODE VAN ONDERSOEK 3
1.4 BEGRIPSBEPALING 4
1.4.1 Kleurling 4
1.4.2 Eersterust 5
1.4.3 Huidige kindertal 6
1.4.4 Begeerde kindertal 6
1.4.5 Verwagte kindertal 6
1.4.6 Vrugbaarheidsverwagtinge 6
1.4.7 Kontrasepsie 6
1.4.8 Steriel 7
1.4.9 Mans of vroue 7
1.4.10 Huweliksouderdom 7

## H O O F S T U K 2

### PERSOONLIKE KENMERKE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

2.1 INLEIDING 8
2.2 OUDERDOMSVERSPREIDING 8
2.3 HUISTAAL 10
2.4 HUWELIKSTAAT 10
2.5 DIE OUDERDOM VAN DIE KLEURLINGVROUE BY HUWELIKSLUITING 11
2.6 DIE HUWELIKSDUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP 12
2.7 DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP 13
2.8 DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP 14
2.9 DIE INKOMSTE VAN DIE PROEFPERSONE 16
2.10 KERKVERBAND VAN DIE VROUE IN DIE STEEKPROEF 17
2.11 PLEK WAAR MANS EN VROUE IN STEEKPROEF OORWEGEND OPGEGROEI HET 18
2.12 AANTAL KINDERS WAT DIE MOEDERS VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE STEEKPROEF GEHAD HET 19

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK 3

## VRUGBAARHEIDSVERANDERLIKES


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 22 |
| 3.2 | HUIDIGE KINDERTAL | 22 |
| 3.3 | BEGEERDE KINDERTAL | 27 |
| 3.4 | VERWAGTE KINDERTAL | 29 |
| 3.5 | HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL | 30 |


## HOOFSTUK 4

## VRUGBAARHEIDSVERWAGTINGE EN DIE AGTERGROND VAN DIE ONDERSOEKGROEP


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 33 |
| 4.2 | DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE HUISTAAL VAN DIE VROUE | 33 |
| 4.2.1 | Huidige kindertal volgens huistaal | 33 |
| 4.2.2 | Begeerde kindertal volgens huistaal | 35 |
| 4.2.3 | Verwagte kindertal volgens huistaal | 37 |
| 4.2.4 | 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal, volgens huistaal | 39 |
| 4.3 | DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE VROUE | 40 |
| 4.3.1 | Huidige kindertal volgens huwelikstaat | 40 |
| 4.3.2 | Begeerde kindertal volgens huwelikstaat | 40 |
| 4.3.3 | Verwagte kindertal volgens huwelikstaat | 43 |
| 4.3.4 | 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal, volgens huwelikstaat | 45 |
| 4.4 | DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE KERKVERBAND VAN DIE VROUE | 46 |
| 4.4.1 | Huidige kindertal volgens kerkverband | 46 |
| 4.4.2 | Begeerde kindertal volgens kerkverband | 46 |
| 4.4.3 | Verwagte kindertal volgens kerkverband | 49 |
| 4.4.4 | 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens kerkverband | 51 |
| 4.5 | DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE PLEK WAAR DIE MANS EN VROUE OPGEGROEI HET | 52 |
| 4.5.1 | Huidige kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het | 52 |
| 4.5.2 | Begeerde kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het | 55 |
| 4.5.3 | Verwagte kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het | 58 |
| 4.5.4 | 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal, volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het | 62 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.6 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE GROOTTE VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE MANS EN VROUE AFKOMSTIG IS 63

4.6.1 Huidige kindertal volgens die grootte van die gesinne waaruit die mans en vroue afkomstig is 63
4.6.2 Begeerde kindertal volgens die grootte van die gesinne waaruit die mans en vroue afkomstig is 66
4.6.3 Verwagte kindertal volgens die grootte van die gesinne waaruit die mans en vroue afkomstig is 69
4.6.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die grootte van die gesinne waaruit die mans en vroue afkomstig is 72

4.7 SAMEVATTING 72

## HOOFSTUK 5

## VRUGBAARHEIDSVERWAGTINGE EN DIE SOSIO-EKONOMIESE STATUS VAN DIE ONDERSOEKGROEP

5.1 INLEIDING 74

5.2 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE MANS EN VROUE 74

5.2.1 Huidige kindertal volgens die onderwyspeil van die mans en vroue 74
5.2.2 Begeerde kindertal volgens die onderwyspeil van die mans en vroue 78
5.2.3 Verwagte kindertal volgens die onderwyspeil van die mans en vroue 82
5.2.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die onderwyspeil van die mans en vroue 86

5.3 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE BEROEP VAN DIE MANS EN VROUE 87

5.3.1 Huidige kindertal volgens die beroep van die mans en vroue 87
5.3.2 Begeerde kindertal volgens die beroep van die mans en vroue 92
5.3.3 Verwagte kindertal volgens die beroep van die mans en vroue 96
5.3.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die beroep van die mans en vroue 101

5.4 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE INKOMSTE VAN DIE MANS EN VROUE ASOOK HULLE GESAMENTLIKE INKOMSTE 103

5.4.1 Huidige kindertal volgens die inkomste van die mans en vroue asook hulle gesamentlike inkomste 103
5.4.2 Begeerde kindertal volgens die inkomste van die mans en vroue asook hulle gesamentlike inkomste 108

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.4.3 Verwagte kindertal volgens die inkomste van die mans en vroue asook hulle gesamentlike inkomste 113
5.4.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die inkomste van die mans en vroue asook hulle gesamentlike inkomste 119
5.5 SAMEVATTING 120

## HOOFSTUK 6

## VRUGBAARHEIDSVERWAGTINGE EN DIE OUDERDOM, HUWELIKSOUDERDOM EN HUWELIKSDUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP

6.1 INLEIDING 121
6.2 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE HUIDIGE OUDERDOM VAN DIE VROUE 121
6.2.1 Huidige kindertal volgens huidige ouderdom van vroue 121
6.2.2 Begeerde kindertal volgens huidige ouderdom van vroue 124
6.2.3 Verwagte kindertal volgens huidige ouderdom van vroue 126
6.2.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die huidige ouderdom van die vroue in die steekproef 128
6.3 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE OUDERDOM WAAROP DIE VROUE IN DIE HUWELIK GETREE HET 129
6.3.1 Huidige kindertal volgens huweliksouderdom van vroue 129
6.3.2 Begeerde kindertal volgens huweliksouderdom van vroue 131
6.3.3 Verwagte kindertal volgens huweliksouderdom van vroue 133
6.3.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die huweliksouderdom van die vroue in die steekproef 135
6.4 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE HUWELIKSDUUR VAN DIE VROUE 136
6.4.1 Huidige kindertal volgens huweliksduur van vroue 136
6.4.2 Begeerde kindertal volgens huweliksduur van vroue 138
6.4.3 Verwagte kindertal volgens huweliksduur van vroue 140
6.4.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die huweliksduur van die vroue in die steekproef 142
6.5 SAMEVATTING

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING


7.1 INLEIDING 144

7.2 HUISTAAL 144

7.3 HUWELIKSTAAT 145

7.4 KERKVERBAND 145

7.5 PLEK WAAR MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP OPGEGROEI HET 147

7.6 DIE GROOTTE VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE MANS EN VROUE AFKOMSTIG IS 149

7.7 ONDERWYSPEIL VAN DIE MANS EN VROUE 149

7.8 BEROEP VAN DIE MANS EN VROUE 151

7.9 INKOMSTE VAN DIE MANS EN VROUE ASOOK HUL GESAMENTLIKE INKOMSTE 152

7.10 OUDERDOM VAN DIE VROUE 153

7.11 HUWELIKSOUDERDOM VAN DIE VROUE 154

7.12 HUWELIKSDUUR 156

7.13 VRUGBAARHEIDSVERANDERLIKES 157

BIBLIOGRAFIE 159

BYLAAG 1 - VRAELYS 162

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LYS VAN TABELLE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 2.1 | Die ouderdomsverspreiding van die mans en vroue in die ondersoekgroep | 9 |
| 2.2 | Die huistaal van die ondersoekgroep | 10 |
| 2.3 | Die huwelikstaat van die ondersoekgroep | 11 |
| 2.4 | Die ouderdom van die vroue by huweliksluiting | 11 |
| 2.5 | Die huweliksduur van die vroue in die ondersoekgroep | 12 |
| 2.6 | Die onderwyspeil van die mans en vroue in die ondersoekgroep | 13 |
| 2.7 | Die beroepsverdeling van die mans en vroue in die ondersoekgroep | 15 |
| 2.8 | Die inkomste van die proefpersone | 16 |
| 2.9 | Kerkverband van die vroue in die steekproef | 18 |
| 2.10 | Plek waar die mans en vroue in die steekproef oorwegend opgegroei het | 19 |
| 2.11 | Aantal kinders wat die moeders van die mans en vroue in die steekproef gehad het. | 20 |
| 3.1 | Huidige kindertal van proefpersone | 22 |
| 3.2 | Tevredenheid met huidige kindertal | 24 |
| 3.3 | Dra kennis van kontrasepsiemiddele | 26 |
| 3.4 | Maak gebruik van kontrasepsiemiddele | 26 |
| 3.5 | Begeerde kindertal van proefpersone | 27 |
| 3.6 | Redes vir begeerde kindertal | 28 |
| 3.7 | Verwagte kindertal van proefpersone | 29 |
| 3.8 | 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal | 31 |
| 4.1 | Huidige kindertal volgens huistaal | 34 |
| 4.2 | Begeerde kindertal volgens huistaal | 36 |
| 4.3 | Verwagte kindertal volgens huistaal | 38 |
| 4.4 | Huidige kindertal volgens huwelikstaat van vroue | 41 |
| 4.5 | Begeerde kindertal volgens huwelikstaat van vroue | 42 |
| 4.6 | Verwagte kindertal volgens huwelikstaat van vroue | 44 |
| 4.7 | Huidige kindertal volgens kerkverband van vroue | 47 |
| 4.8 | Begeerde kindertal volgens kerkverband van vroue | 48 |
| 4.9 | Verwagte kindertal volgens kerkverband van vroue | 50 |
| 4.10 | Huidige kindertal volgens plek waar mans opgegroei het | 53 |
| 4.11 | Huidige kindertal volgens plek waar vroue opgegroei het | 54 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | | |
|---|---|---|
| 4.12 | Begeerde kindertal volgens plek waar mans opgegroei het | 56 |
| 4.13 | Begeerde kindertal volgens plek waar vroue opgegroei het | 57 |
| 4.14 | Verwagte kindertal volgens plek waar mans opgegroei het | 59 |
| 4.15 | Verwagte kindertal volgens plek waar vroue opgegroei het | 60 |
| 4.16 | Huidige kindertal volgens grootte van gesinne waaruit mans afkomstig is | 64 |
| 4.17 | Huidige kindertal volgens grootte van gesinne waaruit vroue afkomstig is | 65 |
| 4.18 | Begeerde kindertal volgens grootte van gesinne waaruit mans afkomstig is | 67 |
| 4.19 | Begeerde kindertal volgens grootte van gesinne waaruit vroue afkomstig is | 68 |
| 4.20 | Verwagte kindertal volgens grootte van gesinne waaruit mans afkomstig is | 70 |
| 4.21 | Verwagte kindertal volgens grootte van gesinne waaruit vroue afkomstig is | 71 |
| 5.1 | Huidige kindertal volgens onderwyspeil van mans | 75 |
| 5.2 | Huidige kindertal volgens onderwyspeil van vroue | 76 |
| 5.3 | Begeerde kindertal volgens onderwyspeil van mans | 79 |
| 5.4 | Begeerde kindertal volgens onderwyspeil van vroue | 80 |
| 5.5 | Verwagte kindertal volgens onderwyspeil van mans | 83 |
| 5.6 | Verwagte kindertal volgens onderwyspeil van vroue | 84 |
| 5.7 | Huidige kindertal volgens beroep van mans | 88 |
| 5.8 | Huidige kindertal volgens beroep van vroue | 89 |
| 5.9 | Huidige kindertal volgens vroue wat geen en vroue wat buitenshuise arbeid verrig | 90 |
| 5.10 | Begeerde kindertal volgens beroep van mans | 93 |
| 5.11 | Begeerde kindertal volgens beroep van vroue | 94 |
| 5.12 | Begeerde kindertal volgens vroue wat geen en vroue wat buitenshuise arbeid verrig | 95 |
| 5.13 | Verwagte kindertal volgens beroep van mans | 97 |
| 5.14 | Verwagte kindertal volgens beroep van vroue | 98 |
| 5.15 | Verwagte kindertal volgens vroue wat geen en vroue wat buitenshuise arbeid verrig | 99 |
| 5.16 | Huidige kindertal volgens inkomste van mans | 104 |
| 5.17 | Huidige kindertal volgens inkomste van vroue | 105 |
| 5.18 | Huidige kindertal volgens gesamentlike inkomste van mans en vroue | 106 |
| 5.19 | Begeerde kindertal volgens inkomste van mans | 109 |
| 5.20 | Begeerde kindertal volgens inkomste van vroue | 110 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.21 Begeerde kindertal volgens gesamentlike inkomste van mans en vroue 111

5.22 Verwagte kindertal volgens inkomste van mans 114

5.23 Verwagte kindertal volgens inkomste van vroue 115

5.24 Verwagte kindertal volgens gesamentlike inkomste van mans en vroue 116

6.1 Huidige kindertal volgens huidige ouderdom van vroue 122

6.2 Begeerde kindertal volgens huidige ouderdom van vroue 125

6.3 Verwagte kindertal volgens huidige ouderdom van vroue 127

6.4 Huidige kindertal volgens huweliksouderdom van vroue 130

6.5 Begeerde kindertal volgens huweliksouderdom van vroue 132

6.6 Verwagte kindertal volgens huweliksouderdom van vroue 134

6.7 Huidige kindertal volgens huweliksduur van vroue 137

6.8 Begeerde kindertal volgens huweliksduur van vroue 139

6.9 Verwagte kindertal volgens huweliksduur van vroue 141

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 DOEL VAN ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om die vrugbaarheidsverwagtinge van Kleurlingvroue in die Kleurlingwoonbuurt, Eersterust, Pretoria, te ontleed. Die aangeleenthede wat ondersoek word, is die volgende:- Die huidige, begeerde en verwagte kindertal van die vroue asook die redes vir die begeerde kindertal. Ten slotte word in die probleemstelling die vraag gestel of sosio-kulturele faktore soos huistaal, huwelikstaat, kerkverband, plek waar mans en vroue opgegroei het, grootte van gesinne waaruit mans en vroue afkomstig is, ouderdom, ouderdom by huweliksluiting, huweliksduur, onderwyspeil van mans en vroue, inkomste van mans en vroue asook hulle gesamentlike inkomste, en beroep van die mans en vroue, enige verband hou met die huidige, begeerde en verwagte kindertal van die vroue.

In verskeie lande soos byvoorbeeld Amerika, Engeland, Holland, Japan en Indië word die belangrikheid van bevolkingstudies besef en word dit veral gedoen met twee doelwitte voor oë, naamlik eerstens, om die geboortesyfer te verhoog, en tweedens, om in lande soos Japan, Indië en Thailand, die hoë geboortesyfer deur middel van gesinsbeplanning te verminder. Hoe belangrik die geboortesyfer werklik is, blyk uit die volgende aanhaling van Campbell en Patterson: „Whether or not to have another child is an important decision, both from a personal and a national point of view. If married couples in the United States were to have an average of 2.5 births by the time they completed their families, the population would eventually level off and nearly stop growing. However, if

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

couples had only one more child apiece, or 3.5 altogether, the population would double within 40 years". (8, p.5.)

In die Republiek van Suid-Afrika is nog geen bevolkingstudies van hierdie aard onder die Kleurlinge gedoen nie en waar die bevolkingsgroei van die Kleurlinge tans baie vinniger as die van die Blankes is, kan hierdie ondersoek belangrike kennis insake die Kleurlinge se vrugbaarheidsverwagtinge aan die lig bring. (In 1965 was daar 3,398,000 Blankes wat 19.0% van die bevolking in Suid-Afrika uitmaak, terwyl daar slegs 1,750,000 Kleurlinge was, wat 9.9% van die bevolking uitmaak. Indien die huidige bevolkingsgroei gehandhaaf word, sal daar in die jaar 2,000, 7,033,000 Blankes wees wat slegs 16.8% van die bevolking sal uitmaak en 5,831,000 Kleurlinge, wat 13.9% van die bevolking in die Republiek van Suid-Afrika, sal uitmaak. (11, bl. A 12.))

Benewens die gegewens wat deur hierdie ondersoek aan die lig gebring is, het dit ook die verdere waarde dat moontlike veranderings wat in die vrugbaarheidsverwagtinge van die Kleurlingvroue in Eersterust mag intree, veral nadat hulle meer onderrig in gesinsbeplanning ontvang het, deur latere ondersoeke aan die lig gebring kan word, en mag dit ook waardevolle vergelykende gegewens bied vir verdere vrugbaarheidsondersoeke onder Kleurlinge.

Aangesien hierdie ondersoek tot die woonbuurt Eersterust beperk was, en ook omdat slegs 'n klein persentasie Kleurlingvroue in die ondersoek betrek is, maak die ondersoeker geensins daarop aanspraak dat die gegewens verkry 'n algemene tendens onder die Kleurlingbevolking is nie.

## 1.2 DIE ONDERSOEKGROEP

Om die ondersoek nie van 'n te groot omvang te maak nie, is besluit om 'n steekproef te trek. In die steekproefteorie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word veronderstel dat elke persoon in die bevolkingsgroep 'n ewe groot kans sal hê om in die steekproef opgeneem te word, en daarom mag die gegewens verkry wel as verteenwoordigend beskou word, vir die vroue wat in Eersterust woonagtig is, en wat aan die vereistes voldoen om in die steekproef opgeneem te word.

Die enigste vereistes waaraan die Kleurlingvroue in die ondersoek moes voldoen, is dat hulle tussen 15 en 44 jaar oud moes wees, saam met hulle eerste mans, wettig of nie-wettig nie, leef en dat hulle in Eersterust woonagtig moes wees.

## 1.3 METODE VAN ONDERSOEK

Aangesien geen bronne beskikbaar is waaruit vasgestel kan word hoeveel vroue in Eersterust woonagtig is wat tussen 15 en 44 jaar oud is en nog saam met hulle eerste mans leef nie, is besluit om net 'n sekere aantal huise te besoek. Al die vroue wat in die spesifieke huise woon en aan die vereistes van die ondersoek voldoen, is ondervra.

Vooraf is van die afdeling Nie-Blanke Sake van die Stadsraad van Pretoria vasgestel dat daar tydens die ondersoek 366 ekonomiese, 524 sub-ekonomiese en 17 selfgeboude huise in Eersterust is. In totaal dus 907 huise.

Dit is besluit dat die ondersoekgroep uit minstens 250 respondente moet bestaan. Aanvanklik is gemeen dat die getal verkry sou word indien elke tweede huis in die ondersoekgebied besoek word. Nadat die betrokke huise besoek is, is net 210 vroue opgespoor wat aan die genoemde kwalifikasies voldoen. Hierop is al om die ander huis wat nie reeds in die steekproef opgeneem is nie besoek, en is daar uiteindelik 305 vraelyste voltooi.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beginnende by die suidwestelike hoek van die dorpsgebied is die eerste hoekhuis en daarna al om die ander huis besoek deur kloksgewys om die straatblok te loop. By die tweede straatblok is die eerste hoekhuis oorgeslaan en by die tweede huis begin en by die derde straatblok is weer by die hoekhuis begin. Daar is altyd van die suidelike na die noordelike rigting met die strate afbeweeg om die betrokke huise in die straatblokke te besoek.

Met die tweede deurwerk van die gebied, om die steekproef te vergroot, is dieselfde werkwyse gevolg.

Die samewerking van die vroue was baie goed soos getuig word uit die feit dat slegs vier vroue wat vir die ondersoek gekwalifiseer het, geweier het om 'n vraelys te voltooi.

Onderhoude is slegs met die vroue gevoer en so ver moontlik is gepoog dat niemand anders tydens die onderhoud teenwoordig is nie. Dit het tussen 10 en 20 minute geneem om die vraelys te voltooi.

Die vraelys wat in die ondersoek gebruik is, is vooraf so ver as moontlik gekodifiseer en 'n voorbeeld hiervan verskyn in bylaag 1. Na afhandeling van die veldwerk, is die oop vrae gekodifiseer, die gegewens op ponskaarte oorgedra en masjinaal verwerk.

## 1.4 BEGRIPSBEPALING

### 1.4.1 Kleurling

Om die begrip Kleurling te omskryf, is uiters moeilik. Verskeie omskrywings soos byvoorbeeld dié wat verskyn in die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1937), die Ouderdomspensioenwet (Wet Nr. 22 van 1928, soos gewysig deur Wet Nr. 34 van 1931), die Wet op Ongeskiktheidstoelaes van 1936, die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

proklamasie uitgegee onder die Bevolkingsregistrasiewet van 1950, ensovoorts, is uiters vaag.

Die doeltreffendste omskrywing van die begrip „Kleurling" is in 1960 deur die Departement van Kleurlingsake verskaf. 'n Vertaalde weergawe van die omskrywing is:-

„Persone van gemengde afkoms wat hoofsaaklik stam uit verbintenisse tussen inheemse Hottentotte en nie-blanke groepe wat gedurende die vroeë dae van die nedersetting in die Kaap ingebring is. In 'n sekere mate is daar 'n toevoegsel van Blanke bloed". (12, p. 16.)

1.4.2 Eersterust

Die ligging, ontstaan en ontwikkeling van die woonbuurt Eersterust, word volledig bespreek in 'n M.A. verhandeling van Tj. van der Walt en sal hier slegs volstaan word met 'n paar aanhalings:-

„Die Kleurlingwoonbuurt, Eersterust, is geleë in die gebied wat as 'n groepsgebied vir die Kleurlinge van Pretoria geproklameer is". (13, p. 31.)

„Eersterust is sowat agt myl noord-oos van die middestad van Pretoria geleë en is maklik met die pad en per spoor bereikbaar. Dit is oos van die Blanke woonbuurtes East Lynne en Riverside geleë, noord-oos van Silverton en die Koedoespoortse Spoorwegwinkels, noord van Despatchdorp, en wes van die Bantoewoonbuurt Mamelodi". (13, p. 32.)

Tydens die ondersoek was daar reeds 907 huise in die woonbuurt opgerig, waarvan 366 ekonomiese, 524 sub-ekonomiese en 17 huise deur die eienaars self gebou is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 1.4.3 Huidige kindertal

Onder huidige kindertal word in die ondersoek verstaan die aantal lewende kinders wat die vroue tydens die ondersoek gehad het.

### 1.4.4 Begeerde kindertal

Die hoogs moontlike getal kinders wat die vroue begeer sonder inagneming van faktore wat die kindertal mag beperk, soos sterilisasie, sosio-ekonomiese faktore en houding van man, word hieronder verstaan.

### 1.4.5 Verwagte kindertal

Hiermee word bedoel die werklike getal kinders wat die vroue eendag sal hê. Faktore wat veroorsaak dat die begeerde en verwagte kindertal van die vroue nie altyd ooreenstem nie, is latere steriliteit, houding van mans, siektetoestand en sosio-ekonomiese faktore soos inkomste, onderwyspeil, kerkverband, ensovoorts.

### 1.4.6 Vrugbaarheidsverwagtinge

Wanneer in hierdie ondersoek van vrugbaarheidsverwagtinge gepraat word, word bedoel die huidige, begeerde en verwagte kindertal tesame.

### 1.4.7 Kontrasepsie

„Contraception. Denotes any or all methods of avoiding conception, except celibacy and sterilization. These methods include periodic continence (rhythm), abstinence for long periods, withdrawal (coitus interruptus) as well as such appliance or chemical methods as condom, diaphragm, jelly and douche. This term is used with no moral connotation and as synonymous with such terms as birth control, conception control, family limitation, family planning, preventive measures, and regulating conception". (1, p. 498.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1.4.8 Steriel

Buiten die vroue wat steriel gebore is, sluit die begrip ook die vroue in wat in die verlede wel kinders gehad het maar in die toekoms nie weer kinders kan hê nie.

1.4.9 Mans of vroue

Wanneer in die ondersoek van mans of vroue gepraat word, word daarmee bedoel Kleurlingmans of -vroue wat in die steekproef opgeneem is.

1.4.10 Huweliksouderdom

Met huweliksouderdom word bedoel die ouderdom waarop die vroue in die huwelik getree het of saam met 'n man begin leef het.

# H O O F S T U K 2

## PERSOONLIKE KENMERKE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die persoonlike kenmerke van die ondersoekgroep. Die kenmerke wat bespreek word, is ouderdomsverspreiding van mans en vroue, huistaal, huwelikstaat, ouderdom van vroue by huweliksluiting, huweliksduur, onderwyspeil van mans en vroue, inkomste van mans en vroue asook hulle gesamentlike inkomste, kerkverband, plek waar mans en vroue opgegroei het asook grootte van die gesinne waaruit mans en vroue afkomstig is.

Die ondersoekgroep bestaan slegs uit vroue, maar aangesien sekere van die man se persoonlike kenmerke ook 'n invloed op die houding van die vrou oor die grootte van die kindertal mag hê, sal ook sekere van die mans se persoonlike kenmerke bespreek word.

Aangesien in hierdie ondersoek met 'n spesifieke groep, naamlik getroude vroue wat tussen 15 en 44 jaar oud is en wat in Eersterust woon, gewerk word, is 'n vergelyking van die gegewens, met die vervat in die Statistiese Jaarboek van 1966 en die bevolkingsensus oor die Metropolitaanse gebied van Pretoria, nie moontlik nie.

### 2.2 OUDERDOMSVERSPREIDING

In tabel 2.1 word die ouderdomsverspreiding van sowel die mans as vroue uiteengesit.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2.1

DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP

| Ouderdom | Mans | | Vroue | |
|---|---|---|---|---|
| | G* | % | G | % |
| 15 - 19 jaar | 2 | 0.7 | 6 | 2.0 |
| 20 - 24 jaar | 17 | 5.6 | 44 | 14.4 |
| 25 - 29 jaar | 57 | 18.7 | 77 | 25.2 |
| 30 - 34 jaar | 70 | 23.0 | 69 | 22.6 |
| 35 - 39 jaar | 55 | 18.0 | 54 | 17.7 |
| 40 jaar + | 104 | 34.1 | 55 | 18.0 |
| TOTAAL | 305 | 100.0+ | 305 | 100.0 |

G* beteken „Getal"

\+ Weens benadering tot die eerste desimaal is die totaal nie altyd 100.0% nie.

Uit tabel 2.1 blyk dit dat slegs 'n klein persentasie Kleurlingvroue in die twee jonger ouderdomsgroepe (15 - 24 jaar) voorkom, naamlik 16.4 persent, terwyl 47.8 persent en 35.7 persent vroue in die ouderdomsgroepe 25 tot 34 jaar, respektiewelik, voorkom.

In die geval van mans kom slegs 6.3 persent in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar, 41.7 persent en 52.1 persent in die ouderdomsgroepe 25 tot 34 jaar en 35 jaar en ouer, respektiewelik, voor.

Die grootste enkele persentasie vroue, naamlik 25.2 persent, kom in die ouderdomsgroep 25 tot 29 jaar voor, terwyl by mans die grootste enkele persentasie, naamlik 34.1 persent, in die ouderdomsgroep 40 jaar en ouer voorkom. By beide geslagte kom die tweede hoogste persentasie (23.0% mans en 22.6% vroue) in die ouderdomsgroep 30 tot 34 jaar in die steekproef voor.

## 2.3 HUISTAAL

Die verspreiding van die huistaal van die ondersoekgroep word in tabel 2.2 uiteengesit.

TABEL 2.2

DIE HUISTAAL VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Huistaal | G | % |
|---|---|---|
| Afrikaans | 279 | 91.5 |
| Engels | 15 | 4.9 |
| Afrikaans en Engels | 11 | 3.6 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 |

Blykens tabel 2.2 is 91.5 persent vroue in die ondersoekgroep Afrikaanssprekend, 4.9 persent Engelssprekend en 3.6 persent Afrikaans- en Engelssprekend.

In 'n ondersoek gedoen deur Grové*, in 1966 te Marabastad, Pretoria het ook hy gevind dat die grootste persentasie Kleurlinge in sy ondersoekgroep Afrikaanssprekend is, naamlik 90.5 persent. In teenstelling met dié ondersoekgroep het meer Kleurlinge in sy ondersoekgroep Afrikaans en Engels as huistaal aangegee as net Engels, naamlik 7.0 persent teenoor 2.5 persent Engelssprekendes.

## 2.4 HUWELIKSTAAT

Tabel 2.3 dui die huwelikstaatverspreiding van die ondersoekgroep aan.

---

* Grové, D.: Sosiale afstand tussen Kleurlinge en Indiërs in Pretoria, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1967.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2.3

DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Huwelikstaat | G | % |
|---|---|---|
| Nooit getroud (Leef saam) | 35 | 11.5 |
| Getroud (Wettig) | 270 | 88.5 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 |

Een van die vereistes waaraan die vroue in die ondersoek moes voldoen, is dat hulle nog saam met hulle eerste man leef. Weduwees en geskeide persone is dus nie in die ondersoekgroep ingesluit nie.

Tabel 2.3 toon aan dat 88.5 persent vroue wettig getroud is en 11.5 persent saam met hulle mans leef maar nog nie wettig getroud is nie.

## 2.5 DIE OUDERDOM VAN DIE KLEURLINGVROUE BY HUWELIKSLUITING

Die ouderdom van die Kleurlingvroue by huweliksluiting word in tabel 2.4 aangetoon.

TABEL 2.4

DIE OUDERDOM VAN DIE VROUE BY HUWELIKSLUITING

| Ouderdom by huweliksluiting | G | % |
|---|---|---|
| 15 - 19 jaar | 102 | 33.4 |
| 20 - 24 jaar | 131 | 43.0 |
| 25 - 29 jaar | 60 | 19.7 |
| 30 - 34 jaar | 11 | 3.6 |
| 35 - 39 jaar | 1 | 0.3 |
| 40 - 44 jaar | - | - |
| TOTAAL | 305 | 100.0 |

Tabel 2.4 toon duidelik aan dat meer as driekwart van die Kleurlingvroue in die ondersoekgroep getroud was voor

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle 25ste jaar, naamlik 76.4 persent, terwyl slegs 3.9 persent vroue eers getrou het nadat hulle die ouderdom van 30 jaar bereik het.

Amper die helfte van die proefpersone het getrou vanaf hulle 20ste jaar tot hulle 24ste jaar (43.0%) terwyl ook 'n baie groot persentasie vroue (33.4%) getrou het voordat hulle 20 jaar oud was.

Vanaf die ouderdomsgroep 20 tot 24 jaar daal die persentasie vroue wat in die ouer ouderdomsgroepe trou vinnig tot by die ouderdomsgroep 40 tot 44 jaar. Geen vrou in die ondersoekgroep het eers in die ouderdomsgroep 40 tot 44 jaar getrou nie.

## 2.6 DIE HUWELIKSDUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP

In tabel 2.5 word die huweliksduurverspreiding van die vroue in die ondersoekgroep aangetoon.

TABEL 2.5
DIE HUWELIKSDUUR VAN DIE VROUE
IN DIE ONDERSOEKGROEP

| Huweliksduur | G | % |
|---|---|---|
| 0 - 2 jaar | 45 | 14.8 |
| 3 - 4 jaar | 33 | 10.8 |
| 5 - 6 jaar | 36 | 11.8 |
| 7 - 8 jaar | 34 | 11.1 |
| 9 - 10 jaar | 24 | 7.9 |
| 11 - 12 jaar | 28 | 9.2 |
| 13 - 14 jaar | 27 | 8.9 |
| 15 - 16 jaar | 21 | 6.9 |
| 17 - 18 jaar | 12 | 3.9 |
| 19 - 20 jaar | 14 | 4.6 |
| 21 - 22 jaar | 18 | 5.9 |
| 23 - 24 jaar | 7 | 2.3 |
| 25 - 26 jaar | 4 | 1.3 |
| 27 - 28 jaar | 1 | 0.3 |
| 29 - 30 jaar | 1 | 0.3 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit blyk uit tabel 2.5 dat die grootste persentasie vroue (14.8%) tussen 0 en 2 jaar getroud was tydens die ondersoek. Die tweede grootste aantal vroue was tussen 5 en 6 jaar getroud, naamlik 11.8 persent.

Dit word ook uit die tabel duidelik dat die oorgrote meerderheid Kleurlingvroue wat ondervra is tussen een en tien jaar getroud was naamlik 56.4 persent teenoor 33.5 persent en 10.1 persent vroue wat tussen 11 en 20 jaar getroud en 21 en 30 jaar getroud was respektiewelik.

Uit bostaande gegewens word dit verder duidelik dat die oorgrote meerderheid vroue nie lank getroud is nie en die huidige kindertal nog aansienlik mag verander.

## 2.7 DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP

Die onderwyspeil van die mans en vroue in die ondersoekgroep word in tabel 2.6 uiteengesit.

TABEL 2.6

DIE ONDERWYSPEIL VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP

| Onderwyspeil | Mans | | Vroue | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Was nooit op skool nie | 12 | 3.9 | 14 | 4.6 |
| Grade | 2 | 0.7 | 2 | 0.7 |
| St. 1 - 5 | 89 | 29.2 | 124 | 40.7 |
| St. 6 | 111 | 36.4 | 84 | 27.5 |
| St. 7 - 8 | 62 | 20.3 | 71 | 23.3 |
| St. 9 - 10 | 19 | 6.2 | 2 | 0.7 |
| St. 8 en diploma | 3 | 1.0 | 8 | 2.6 |
| St. 10 en diploma | 4 | 1.3 | - | - |
| St. 10 en graad | 2 | 0.7 | - | - |
| St. 10, diploma en graad | 1 | 0.3 | - | - |
| TOTAAL | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel 2.6 toon aan dat die grootste persentasie (40.7%) vroue slegs st. 1 tot 5 geslaag het. Die tweede grootste groep vroue kom voor in die groep wat st. 6 geslaag het, gevolg deur die groep wat st. 7 tot 8 geslaag het, naamlik 27.5 persent en 23.3 persent respektiewelik.

Geen vrou in die steekproef het na st. 10 'n graad of diploma verwerf nie terwyl 2.6 persent vroue na st. 8 'n diploma verwerf het.

Uit die tabel blyk verder dat 54.1 persent van die vroue, in die steekproef, hoërskoolopleiding gehad het, terwyl 46.0 persent geen of slegs laerskoolopleiding gehad het.

Die grootste persentasie mans kom voor in die groep wat st. 6 geslaag het, naamlik 36.4 persent, gevolg deur die groep wat st. 1 tot 5 en st. 7 tot 8 geslaag het met respektiewelik 29.2 persent en 20.3 persent.

Van die mans in die ondersoekgroep het 33.8 persent geen of slegs laerskoolopleiding gehad, terwyl 66.2 persent hoërskoolopleiding gehad het, waarvan 3.3 persent ook 'n graad en/of diploma na st. 8 of st. 10 verwerf het.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat 'n groter persentasie mans in die ondersoekgroep hoërskoolopleiding gehad het as vroue en ook dat 'n groter persentasie mans as vroue 'n graad of diploma verwerf het.

## 2.8 DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP

In tabel 2.7 word die beroepsverdeling van die mans en vroue uiteengesit.

TABEL 2.7

DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP

| Beroep | Mans | | Vroue | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Professionele of tegniese werkers | 10 | 3.3 | 12 | 3.9 |
| Klerklike werkers/sters | 13 | 4.3 | 2 | 0.7 |
| Arbeiders/sters | 175 | 57.4 | 74 | 24.3 |
| Werkers/sters in die handel | 4 | 1.3 | 1 | 0.3 |
| Persoonlike dienswerkers/sters | 15 | 4.9 | 5 | 1.6 |
| Geskoolde ambagslui | 3 | 1.0 | - | - |
| Vervoerwerkers | 67 | 22.0 | - | - |
| Pensioenarisse | 4 | 1.3 | - | - |
| Huisvroue | - | - | 209 | 68.5 |
| Werkloses | 14 | 4.6 | 2 | 0.7 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 |

Uit tabel 2.7 blyk dit dat 68.5 persent van die vroue in die steekproef huisvroue is.

Van die vroue wat werk is 24.3 persent arbeidsters, 3.9 persent professionele of tegniese werksters en 1.6 persent persoonlike dienswerksters.

Die grootste persentasie mans, naamlik 57.4 persent is arbeiders terwyl ook 'n baie groot persentasie, naamlik 22.0 persent, vervoerwerkers is, gevolg deur die beroep persoonlike dienswerkers met 4.9 persent.

Uit die voorafgaande blyk dit dus dat Kleurlingmans, in die steekproef, oor die algemeen nog die ongeskoolde beroepe vervul. Slegs 3.3 persent mans is professionele of tegniese werkers, 4.3 persent klerklike werkers en 1.0 persent geskoolde ambagslui.

## 2.9 DIE INKOMSTE VAN DIE PROEFPERSONE

In tabel 2.8 word die inkomste van sowel die mans en vroue asook hulle gesamentlike inkomste aangetoon.

TABEL 2.8
DIE INKOMSTE VAN DIE PROEFPERSONE

| Inkomste (maandeliks) | Mans | | Vroue | | Gesamentlike inkomste | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 13 | 4.3 | 211 | 69.2 | 9 | 3.0 |
| R 1 - 20 | 6 | 2.0 | 26 | 8.5 | 7 | 2.3 |
| R 21 - 40 | 73 | 23.9 | 44 | 14.4 | 55 | 18.0 |
| R 41 - 60 | 83 | 27.2 | 15 | 4.9 | 77 | 25.2 |
| R 61 - 80 | 71 | 23.3 | 4 | 1.3 | 64 | 21.0 |
| R 81 - 100 | 36 | 11.8 | 5 | 1.6 | 33 | 10.8 |
| R101 - 120 | 9 | 3.0 | - | - | 31 | 10.2 |
| R121 - 140 | 8 | 2.6 | - | - | 9 | 3.0 |
| R141 - 160 | 4 | 1.3 | - | - | 5 | 1.6 |
| R161 - 180 | 1 | 0.3 | - | - | 8 | 2.6 |
| R181 - 200 | 1 | 0.3 | - | - | 5 | 1.6 |
| R201 en meer | - | - | - | - | 2 | 0.7 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 2.8 dat 69.2 persent vroue in die ondersoekgroep geen inkomste van hulle eie gehad het nie.

Van die vroue in die ondersoekgroep wat werk, ontvang 14.4 persent, 'n inkomste tussen R21 tot R40 per maand gevolg deur die groep wat R1 tot R20 per maand ontvang met 8.5 persent van die vroue.

Van die vroue wat werk ontvang 27.8 persent 'n salaris van R60 en minder per maand, terwyl slegs 2.9 persent van die vroue 'n inkomste van R61 tot R100 per maand ontvang. Geen vrou in die ondersoekgroep het 'n inkomste van meer as R100 per maand ontvang nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die grootste persentasie mans in die ondersoekgroep het 'n salaris ontvang wat wissel tussen R21 per maand tot R80 per maand. Die grootste enkele persentasie mans kom voor in die inkomstegroep, R41 tot R60 per maand, met 27.2 persent gevolg deur die inkomstegroep R21 tot R40 per maand met 23.9 persent gevolg deur die inkomstegroep R61 tot R80 per maand met 23.3 persent.

Slegs 19.3 persent van die mans in die ondersoekgroep het 'n inkomste van R81 en meer per maand gehad, waarvan net 7.5 persent se inkomste meer as R100 per maand was.

Wat die gesamentlike inkomste van die mans en vroue betref het die grootste enkele persentasie (25.2%) 'n maandelikse inkomste van tussen R41 tot R60 gehad. Die tweede grootste enkele persentasie, naamlik 21.0 persent proefpersone kom in die geval voor in die inkomstegroep R61 tot R80 per maand terwyl die derde grootste enkele persentasie van proefpersone, naamlik 18.0 persent, in die inkomstegroep R21 tot R40 per maand voorkom.

Uit die tabel blyk ook verder dat 80.3 persent proefpersone 'n inkomste van R100 en minder per maand gehad het waarvan 3.0 persent geen inkomste gehad het nie.

Slegs 0.7 persent proefpersone het 'n gesamentlike inkomste van R201 en meer per maand gehad.

## 2.10 KERKVERBAND VAN DIE VROUE IN DIE STEEKPROEF

Tabel 2.9 toon die kerkverband van die vroue in die steekproef aan.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 2.9

KERKVERBAND VAN DIE VROUE IN DIE STEEKPROEF

| Kerkverband | G | % |
|---|---|---|
| Geen | 1 | 0.3 |
| Nederduits Gereformeerde Kerk | 64 | 21.0 |
| Nederduits Hervormde Kerk | - | - |
| Gereformeerde Kerk | - | - |
| Apostoliese Geloofsending | 1 | 0.3 |
| Sektes | 50 | 16.4 |
| Metodiste | 15 | 4.9 |
| Congregational | 14 | 4.6 |
| Anglikaan | 57 | 18.9 |
| Rooms-Katolieke Kerk | 74 | 24.3 |
| Hindoe | - | - |
| Mohammedaan | 7 | 2.3 |
| Ander | 22 | 7.2 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 |

Uit tabel 2.9 blyk dit dat amper 'n kwart van die vroue in die steekproef lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk is, gevolg deur die Nederduits Gereformeerde Kerk met 21.0 persent lidmate, die Anglikaanse Kerk met 18.9 persent lidmate en die sektes met 16.4 persent lede in die steekproef.

Volgens tabel 2.2 was slegs 4.9 persent en 3.6 persent vroue in die steekproef Engelssprekend of Engels- en/of Afrikaanssprekend. Tabel 2.9 daarenteen toon egter aan dat meer as 20 persent vroue in die steekproef lidmate van die Engelse kerke is.

## 2.11 PLEK WAAR MANS EN VROUE IN STEEKPROEF OORWEGEND OPGEGROEI HET

In tabel 2.10 word die plek aangetoon waar die mans en vroue in die steekproef oorwegend opgegroei het.

TABEL 2.10

PLEK WAAR DIE MANS EN VROUE IN DIE STEEKPROEF OORWEGEND OPGEGROEI HET

| Plek | Mans | | Vroue | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Plaas | 14 | 4.6 | 19 | 6.2 |
| Plattelandse dorp | 51 | 16.7 | 59 | 19.3 |
| Groot dorp | 18 | 5.9 | 17 | 5.6 |
| Stad | 222 | 72.8 | 210 | 68.9 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 2.10 dat die oorgrote meerderheid mans en vroue in die steekproef grotendeels in stede opgegroei het, naamlik 72.8 persent en 68.9 persent van die mans en vroue in die steekproef respektiewelik.

Die tweede grootste groep vroue (19.3%) het in plattelandse dorpe opgegroei, terwyl 6.2 persent op 'n plaas en 5.6 persent vroue in die steekproef in 'n groot dorp opgegroei het.

Wat die mans in die steekproef betref het die tweede grootste groep (16.7%) ook in plattelandse dorpe opgegroei In teenstelling met die vroue het egter meer mans in die steekproef in 'n groot dorp as plaas opgegroei, naamlik 5. persent teenoor 4.6 persent respektiewelik.

## 2.12 AANTAL KINDERS WAT DIE MOEDERS VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE STEEKPROEF GEHAD HET

Tabel 2.11 toon die aantal kinders wat die mans en vroue, in die steekproef, se moeders gehad het, aan.

Tabel 2.11/.....

TABEL 2.11

AANTAL KINDERS WAT DIE MOEDERS VAN DIE MANS EN VROUE IN DIE STEEKPROEF GEHAD HET

| Aantal kinders | Mans | | Vroue | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| 1 | 16 | 5.2 | 8 | 2.6 |
| 2 | 21 | 6.9 | 21 | 6.9 |
| 3 | 27 | 8.9 | 18 | 5.9 |
| 4 | 32 | 10.5 | 20 | 6.6 |
| 5 | 27 | 8.9 | 30 | 9.8 |
| 6 | 30 | 9.8 | 38 | 12.5 |
| 7 | 41 | 13.4 | 23 | 7.5 |
| 8 | 35 | 11.5 | 32 | 10.4 |
| 9 | 19 | 6.2 | 30 | 9.8 |
| 10 | 17 | 5.6 | 21 | 6.9 |
| 11 en meer | 40 | 13.1 | 64 | 21.0 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 |

Tabel 2.11 toon aan dat die grootste enkele persentasie naamlik 21.0 persent, van die vroue uit gesinne kom wat uit 11 of meer kinders bestaan het.

Die tweede grootste enkele persentasie vroue, naamlik 12.5 persent, kom uit gesinne wat uit 6 kinders bestaan het, terwyl ook 'n groot persentasie vroue, in die steekproef, uit gesinne kom wat uit 8 kinders bestaan het, naamlik 10.4 persent.

In teenstelling met die vroue kom die grootste enkele persentasie mans uit gesinne wat uit 7 kinders bestaan het, naamlik 13.4 persent. Die tweede grootste enkele persentasie mans, naamlik 13.1 persent, kom egter uit gesinne wat uit 11 en meer kinders bestaan het. Net soos by die vroue kom die derde grootste groep mans (11.5%) ook uit gesinne wat uit 8 kinders bestaan het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Net minder as die helfte (49.8%) van die mans en meer as die helfte (55.6%) van die vroue kom uit gesinne wat uit 7 kinders en meer bestaan het. Daarteenoor kom 'n baie klein persentasie mans en vroue, uit gesinne wat uit 'n klein kindertal bestaan het. Slegs 21.0 persent mans en 15.4 persent vroue kom uit gesinne wat uit drie of minder kinders bestaan het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# H O O F S T U K 3

## VRUGBAARHEIDSVERANDERLIKES

### 3.1 INLEIDING

Verskeie faktore kan 'n invloed hê op die vrugbaarheidsverwagtinge van persone. In dié hoofstuk en die volgende drie hoofstukke sal die faktore bespreek word. In hierdie hoofstuk sal veral aandag gegee word aan die veranderlikes huidige, begeerde en verwagte kindertal. 'n Omskrywing van die drie begrippe is reeds in Hoofstuk 2 gegee. 'n Veranderlike wat ook by die groep hoort, maar waaraan in die verslag nie aandag gegee is nie, is die ideale kindertal.

### 3.2 HUIDIGE KINDERTAL

In tabel 3.1 word 'n ontleding gegee van die huidige kindertal van die proefpersone.

TABEL 3.1
HUIDIGE KINDERTAL VAN PROEFPERSONE

| 0 | 1 | 2 | 3 | Subtotaal | | 4 | 5 | 6 | Subtotaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % |
| 5.5 | 7.8 | 18.2 | 16.9 | 149 | 48.4 | 14.0 | 15.3 | 8.8 | 115 | 38.1 |

| 7 | 8 | 9+ | Subtotaal | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| % | % | % | G | % | G | % |
| 4.6 | 3.3 | 5.5 | 41 | 13.4 | 305 | 100.0 |

Tabel 3.1 toon aan dat die grootste persentasie vroue in die steekproef 'n huidige kindertal van drie of minder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het, gevolg deur die vroue wat 'n huidige kindertal van vier tot ses het en laastens die vroue wat 'n huidige kindertal van sewe en meer het, naamlik 48.4 persent teenoor 38.1 persent en 13.4 persent onderskeidelik.

Die meeste vroue in die ondersoekgroep het 'n huidige kindertal van twee (18.2%), gevolg deur die vroue wat 'n huidige kindertal van drie het (16.9%) en die vroue wat 'n huidige kindertal van vyf het (15.3%).

Uit die tabel word dit ook duidelik dat weinig van die vroue 'n huidige kindertal van meer as ses het. Meer as driekwart van die vroue het 'n huidige kindertal van ses en minder.

Hier moet egter gemeld word dat die huidige kindertal van die vroue in die ondersoekgroep nog aansienlik kan verander aangesien in die ondersoek ook persone ingesluit is wat nog maar kort getroud is en die familie dus nog nie voltooi is nie.

Aangesien in hierdie ondersoek nie bepaal kon word hoeveel vroue 'n huidige kindertal van 10, 11, ensovoorts, het nie, is dit nie moontlik om die gemiddelde huidige kindertal van die ondersoekgroep uit te werk nie. Indien die 17 vroue wat 'n huidige kindertal van 9 en meer het, egter buite rekening gelaat word, is gevind dat die vroue wat 'n huidige kindertal van agt en minder het, 'n gemiddelde huidige kindertal van 3.2 het.

Om die tevredenheid van die vroue met die huidige kindertal te toets, is aan hulle die vraag gestel:- „Sou u op hierdie stadium meer of minder kinders, as wat u tans het, wou gehad het? (Of in geval van vroue wat geen kinders het nie): Sou u graag op hierdie stadium kinders wou gehad het"?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In tabel 3.2 word die tevredenheid van die vroue met die huidige kindertal weergegee.

TABEL 3.2
TEVREDENHEID MET HUIDIGE KINDERTAL

| Tevredenheid | Huidige kindertal | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 0 - 3 | 4 - 6 | 7 en meer | TOTAAL | |
| | % | % | % | G | % |
| Meer | 31.5 | 4.3 | 2.4 | 53 | 17.4 |
| Minder | 22.1 | 49.5 | 63.4 | 116 | 38.0 |
| Tevrede | 46.3 | 46.1 | 34.2 | 136 | 44.6 |
| TOTAAL | 100.0 | 100.0 | 100.0 | 305 | 100.0 |

Uit tabel 3.2 blyk dit dat die grootste persentasie vroue wat 'n huidige kindertal van drie of minder het, tevrede is met hulle huidige kindertal, terwyl die tweede grootste persentasie vroue graag meer kinders wou gehad het, naamlik 46.3 persent en 31.5 persent onderskeidelik.

Opvallend by die groep vroue wat 'n huidige kindertal van drie en minder het, is dat amper 'n kwart van die vroue (22.1%) graag minder kinders wou gehad het. 'n Verklaring vir die verskynsel is dat die klagte veral onder jong vroue, wat nog nie lank getroud is nie, mag voorgekom het. 'n Bewys vir die bewering is dat 25.6 persent van die vroue in die ondersoek vier jaar of korter getroud was en 41.6 persent van die vroue 29 jaar of jonger was.

Waar die grootste persentasie vroue wie 'n huidige kindertal van drie of minder het, tevrede is met die kindertal, sou die meeste vroue wat 'n huidige kindertal van vier tot ses en sewe en meer het graag minder kinders wou gehad het, naamlik 49.5 persent en 63.4 persent van die vroue onderskeidelik, gevolg deur die vroue wat tevrede is met hulle

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

huidige kindertal en laastens die vroue wat graag meer kinders wou gehad het.

Proporsioneel daal die persentasie vroue wat 'n groter huidige kindertal begeer, vinnig namate die vroue 'n groter kindertal het (0 - 3 kinders 31.5%, 4 - 6 kinders 4.3% en 7 en meer kinders 2.4%). Dieselfde tendens is waarneembaar by die vroue wat tevrede is met hulle huidige kindertal maar is die persentasie daling meer geleidelik (0 - 3 kinders 46.3%, 4 - 6 kinders 46.1% en 7 en meer kinders 34.2%). Die teenoorgestelde is egter gevind vir die vroue wat ontevrede is met hulle huidige kindertal. Hier is gevind dat namate die huidige kindertal groter word proporsioneel 'n groter persentasie vroue ontevrede is met die huidige kindertal (0 - 3 kinders 22.1%, 4 - 6 kinders 49.5% en 7 en meer kinders 63.4%).

Die tabel toon verder aan dat die grootste persentasie vroue in die ondersoekgroep tevrede is met hulle huidige kindertal (44.6%), gevolg deur die vroue wat 'n laer huidige kindertal wou gehad het (38.0%) en laastens die vroue wat graag meer kinders wou gehad het (17.4%). Dit kan egter aanvaar word dat die vroue wat ontevrede is met hulle huidige kindertal 'n veel groter persentasie as die 38.0 persent uitmaak, aangesien baie proefpersone weens etiese en morele oorwegings gesê het dat hulle tevrede is met hulle huidige kindertal, alhoewel hulle houding en manier van antwoord net die teenoorgestelde aangetoon het.

Om verder te bepaal hoe tevrede die vroue met hulle huidige kindertal is, is aan hulle die vraag gestel: „Wat sal u sê is die ideale kindertal wat Kleurling egpare, wie in stede woon, goed voor kan sorg"? Van die vroue het 7.5 persent nie geweet vir hoeveel kinders hulle goed kan sorg nie, terwyl 60.3 persent gemeen het dat hulle vir drie of

minder kinders goed kan sorg, gevolg deur 31.2 persent wie vir vier tot ses en 0.7 persent vroue wie kans gesien het om vir sewe en meer kinders in stede goed te sorg.

Indien daarop gelet word dat 'n groot persentasie vroue liewer 'n laer huidige kindertal wou gehad het en ook dat 'n veel groter persentasie vroue 'n huidige kindertal van vier tot ses en sewe en meer het, as wat daarvoor kans sien om hulle goed op te voed in stede, moet tot die gevolgtrekking geraak word dat by baie van die gesinne in die ondersoek geen geboortebeperking of gesinsbeplanning voorkom nie.

In tabel 3.3 word aangetoon hoeveel van die vroue kennis dra van kontrasepsiemiddele en word in tabel 3.4 aangedui hoeveel van die vroue daarvan gebruik maak.

TABEL 3.3
DRA KENNIS VAN KONTRASEPSIEMIDDELE

| Ja | Nee | TOTAAL | |
|---|---|---|---|
| % | % | G | % |
| 52.5 | 47.5 | 305 | 100.0 |

TABEL 3.4
MAAK GEBRUIK VAN KONTRASEPSIEMIDDELE

| Ja | Nee | TOTAAL | |
|---|---|---|---|
| % | % | G | % |
| 13.1 | 86.9 | 305 | 100.0 |

Uit tabel 3.3 blyk dit dat amper die helfte (47.5%) van die vroue nie enige kennis van kontrasepsiemiddele het nie.

Tabel 3.4 toon aan dat slegs 13.1 persent van al die vroue in die steekproef van kontrasepsiemiddele gebruik maak, terwyl van die vroue wat wel kennis dra van kontrasepsie-middele slegs 25 persent daarvan gebruik maak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die vooraf gaande twee paragrawe blyk dit dus duidelik dat weinig van die vroue in die ondersoek kennis dra van kontrasepsiemiddele of daarvan gebruik maak.

## 3.3 BEGEERDE KINDERTAL

Die begeerde kindertal van die vroue word in tabel 3.5 ontleed.

TABEL 3.5

BEGEERDE KINDERTAL VAN PROEFPERSONE

| Weet nie | | 0 | 1 | 2 | 3 | Subtotaal | | 4 | 5 | 6 | Subtotaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| G | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % |
| 87 | 28.5 | 0.3 | 1.6 | 10.5 | 9.2 | 66 | 21.6 | 23.6 | 5.6 | 14.8 | 134 | 44.0 |

| 7 | 8 | 9 | 10 | 11+ | Subtotaal | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| 1.0 | 2.3 | 0.3 | 0.3 | 2.0 | 18 | 5.9 | 305 | 100.0 |

'n Interessante verskynsel wat uit tabel 3.5 na vore kom is dat meer as 'n kwart van die vroue (28.5%) nie geweet het wat hulle begeerde kindertal is nie. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die swak gesinsbeplanning soos reeds in die vorige onderafdeling oor huidige kindertal bespreek is.

Van die vroue wat wel geweet het wat hulle begeerde kindertal is, begeer die grootste persentasie 'n kindertal van tussen vier en ses, naamlik 44.0 persent, gevolg deur die vroue wat 'n kindertal van drie of minder begeer en laastens die vroue wat sewe en meer kinders begeer.

Die grootste enkele persentasie vroue het 'n begeerde kindertal van vier (23.6%), gevolg deur die vroue wat ' begeerde kindertal van ses (14.8%) het. Vroue wat wel we

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wat hulle begeerde kindertal is, begeer die minste 'n kindertal van nul, nege en tien, naamlik 0.3 persent vroue in al drie gevalle.

Dit was nie moontlik om die gemiddelde begeerde kindertal per vrou uit te werk nie aangesien 'n groot persentasie vroue nie weet wat hulle begeerde kindertal is nie en ook nie vasgestel kon word hoeveel vroue meer as elf of slegs elf kinders begeer nie. Vir die vroue wat 'n begeerde kindertal van tien en minder het, is die gemiddelde begeerde kindertal per vrou 4.2 kinders.

Om vas te stel waarom die vroue 'n spesifieke getal kinders begeer, is aan hulle die vraag gestel: „Waarom wil u --- kinders hê"? Die redes verkry op die vraag word in tabel 3.6 aangetoon.

TABEL 3.6

REDES VIR BEGEERDE KINDERTAL

| Redes | G | % |
|---|---|---|
| Beplan nie kindertal | 90 | 29.5 |
| Hou van kinders | 16 | 5.2 |
| Kinders kan mekaar opvoed | 1 | 0.3 |
| Wil eweveel van beide geslagte hê | 10 | 3.3 |
| Finansieel | 6 | 2.0 |
| Wil kinders goed opvoed | 131 | 43.0 |
| Was altyd haar begeerte | 9 | 3.0 |
| Is sieklik | 5 | 1.6 |
| Wil dieselfde getal as ma hê | 4 | 1.3 |
| Kinders kan vir hulle sorg as hulle oud word | 11 | 3.6 |
| Het reeds genoeg | 2 | 0.7 |
| Wil graag een van ander geslag hê | 18 | 5.9 |
| Hou nie van kinders | 2 | 0.7 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 |

Uit tabel 3.6 blyk dit dat amper die helfte van die vroue in die steekproef (43.0%) as rede vir hulle begeerde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kindertal aangegee het dat hulle hul kinders goed wil opvoed. Uit die onderhoude het dit geblyk dat met „goed opvoed" bedoel word 'n goeie geestelike en verstandelike opvoeding.

Die tabel toon ook aan dat 'n baie groot persentasie vroue, naamlik 29.5 persent, geen rede vir die begeerde kindertal kon gee nie, aangesien geen gesinsbeplanning toegepas word nie. Hierdie verskynsel staaf die bewering by tabel 3.5 gemaak, waar verklaar is dat die moontlike rede vir die groot persentasie vroue wat nie 'n begeerde kindertal kon aantoon nie, toegeskryf kan word aan swak gesinsbeplanning.

'n Geringe aantal vroue het ander redes vir die begeerde kindertal aangetoon en het die persentasies gewissel van tussen 5.9 persent vir die rede, „wil graag een van ander geslag hê" en 0.3 persent vir die rede, „kinders kan mekaar opvoed".

## 3.4. VERWAGTE KINDERTAL

In tabel 3.7 word die verwagte kindertal van die vroue aangetoon.

TABEL 3.7
VERWAGTE KINDERTAL VAN PROEFPERSONE

| Weet nie | | 0 | 1 | 2 | 3 | Subtotaal | | 4 | 5 | 6 | Subtotaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| G | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % |
| 90 | 29.5 | 0.3 | 1.6 | 5.6 | 9.2 | 51 | 16.7 | 17.7 | 9.8 | 15.1 | 130 | 42.6 |

| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | Subtotaal | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| 3.3 | 3.0 | 2.0 | 0.3 | 1.3 | 0.3 | 0.7 | - | - | 0.3 | 34 | 11.2 | 305 | 100.0 |

Net soos by die begeerde kindertal blyk dit uit tabel 3.7 dat ook meer as 'n kwart van die vroue nie geweet het wat hulle verwagte kindertal is nie, naamlik 29.5 persent van die vroue.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die grootste persentasie vroue wat wel geweet het wat hulle verwagte kindertal is, het 'n verwagte kindertal tussen vier en ses (42.6%) gevolg deur die vroue wat 'n verwagte kindertal van drie en minder het (16.7%) en laastens die vroue wat 'n verwagte kindertal van sewe en meer het (11.2%).

Die grootste enkele persentasie vroue het 'n verwagte kindertal van vier (17.7%) gevolg deur die vroue wat 'n verwagte kindertal van ses het (15.1%). Van die vroue wat wel geweet het wat hulle verwagte kindertal is, het geen vroue 'n verwagte kindertal van 14 of 15 nie, terwyl slegs 0.3 persent van die vroue, onderskeidelik, 'n verwagte kindertal van nul, tien, twaalf of sestien het.

Net soos by die onderafdeling begeerde kindertal was dit hier ook nie moontlik om die gemiddelde verwagte kindertal van al die vroue in die steekproef te bepaal nie, aangesien meer as 'n kwart van die vroue nie geweet het wat hulle verwagte kindertal is nie. Vir die vroue wat wel geweet het wat hulle verwagte kindertal is, is die gemiddelde verwagte kindertal 5.0.

## 3.5 HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL

'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal word in tabel 3.8 aangedui.

Tabel 3.8/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.8

'N VERGELYKING VAN DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL

| | Huidige kindertal | | Begeerde kindertal | | Verwagte kindertal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Mag nie kinders hê nie | - | - | - | - | - | - |
| Weet nie | - | - | 87 | 28.5 | 90 | 29.5 |
| 0 | 17 | 5.5 | 1 | 0.3 | 1 | 0.3 |
| 1 | 24 | 7.8 | 5 | 1.6 | 5 | 1.6 |
| 2 | 56 | 18.2 | 32 | 10.5 | 17 | 5.6 |
| 3 | 52 | 16.9 | 28 | 9.2 | 28 | 9.2 |
| Sub-totaal | 149 | 48.4 | 66 | 21.6 | 51 | 16.7 |
| 4 | 41 | 14.0 | 72 | 23.6 | 54 | 17.7 |
| 5 | 47 | 15.3 | 17 | 5.6 | 30 | 9.8 |
| 6 | 27 | 8.8 | 45 | 14.8 | 46 | 15.1 |
| Sub-totaal | 115 | 38.1 | 134 | 44.0 | 130 | 42.6 |
| 7 | 14 | 4.6 | 3 | 1.0 | 10 | 3.3 |
| 8 | 10 | 3.3 | 7 | 2.3 | 9 | 3.0 |
| 9+ | 17 | 5.5 | 8 | 2.6 | 15 | 4.9 |
| Sub-totaal | 41 | 13.4 | 18 | 5.9 | 34 | 11.2 |
| TOTAAL | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 | 305 | 100.0 |

Uit tabel 3.8 blyk dit dat 'n veel groter persentasie vroue nog 'n huidige kindertal van drie en minder het, as vroue wat dit begeer of 'n verwagte kindertal van drie of minder het (48.4% teenoor 21.6% en 16.7% onderskeidelik). Daarenteen het 'n groter persentasie vroue weer 'n begeerde en verwagte kindertal van vier tot ses as vroue wie 'n huidige kindertal van vier tot ses het, naamlik 44.0 persent en 42.6 persent teenoor 38.1 persent onderskeidelik.

'n Interessante verskynsel wat uit die tabel na vore kom is dat 'n groter persentasie vroue 'n huidige kindertal van 7 en meer het as wat verwag om eendag 'n kindertal van sewe en meer te hê of begeer (13.4% teenoor 1.2% en 5.9%, onderskeidelik). 'n Verklaring vir die verskynsel is dat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n groot persentasie vroue nie geweet het wat hu[illegible] begeerde en verwagte kindertal is nie. Dit kan dus aanvaar word dat die vroue geen gesinsbeplanning toepas nie en dat die moontlikheid van groot gesinne nie uitgesluit is nie.

Die gemiddelde huidige kindertal van die vroue wat agt en minder kinders het is 3.2, terwyl die vroue wat 'n begeerde kindertal van tien en minder het 'n gemiddelde begeerde kindertal van 4.2 het en die vroue wat 'n verwagte kindertal van 16 en minder het, 'n gemiddelde verwagte kindertal van 5.0 het. Aangesien probleme egter ondervind is met die berekening van die gemiddelde kindertal, soos reeds voorheen in die hoofstuk aangetoon is, kan nie te veel waarde aan die syfers geheg word nie. Die gemiddeldes mag wel 'n aanduiding gee van hoe hoog die vrugbaarheidsverwagtinge van Kleurlingvroue in Eersterust is en is hulle oor die rede in die verslag aangetoon.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# H O O F S T U K 4

## VRUGBAARHEIDSVERWAGTINGE EN DIE AGTERGROND VAN DIE ONDERSOEKGROEP

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die huidige, begeerde en verwagte kindertal van die vroue in die ondersoekgroep, volgens hulle agtergrond-eienskappe.

Die agtergrond-eienskappe waarmee die huidige, begeerde en verwagte kindertal vergelyk sal word, is huistaal, huwelikstaat, kerkverband, plek waar mans en vroue opgegroei het asook die grootte van die gesinne (kindertal) waaruit die mans en vroue afkomstig is.

### 4.2 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE HUISTAAL VAN DIE VROUE

#### 4.2.1 Huidige kindertal volgens huistaal

In tabel 4.1 word 'n ontleding gegee van die huidige kindertal, volgens huistaal.

Tabel 4.1 toon aan dat die grootste persentasie vroue wat slegs Afrikaans- of Engelssprekend is 3 of minder kinders het, naamlik 49.5 persent en 46.7 persent, respektiewelik, terwyl by die vroue wat Afrikaans en Engels as huistaal aangegee het, die grootste persentasie (63.6%) tussen 4 en 6 kinders het.

Slegs by die groep wat net Afrikaans- of net Engelssprekend is word vroue gevind wat 7 of meer kinders het, naamlik 13.6 persent en 20.0 persent onderskeidelik.

TABEL 4.1

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS HUISTAAL VAN VROUE

| Huistaal | Huidige kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9+ | Sub-totaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Afrikaans | 6.1 | 7.9 | 19.0 | 16.5 | 138 | 49.5 | 12.9 | 15.8 | 8.2 | 105 | 36.9 | 5.0 | 2.9 | 5.7 | 38 | 13.6 | 279 | 100.0 |
| Engels | - | 13.3 | 6.7 | 26.7 | 7 | 46.7 | 13.3 | 13.3 | 6.7 | 5 | 33.3 | - | 13.3 | 6.7 | 3 | 20.0 | 15 | 100.0 |
| Afrikaans en Engels | - | - | 18.2 | 18.2 | 4 | 36.4 | 27.3 | 9.0 | 27.3 | 7 | 63.6 | - | - | - | - | - | 11 | 100.0 |
| Totaal | 5.5 | 7.8 | 18.2 | 16.9 | 149 | 48.4 | 14.0 | 15.3 | 8.8 | 115 | 38.1 | 4.6 | 3.3 | 5.5 | 41 | 13.4 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die meeste vroue wat net Afrikaanssprekend is, het twee kinders (19.0%), die vroue wat net Engelssprekend is meestal drie kinders (26.7%) en die vroue wat sowel Afrikaans as Engels as huistaal aangegee het, het 4 of 6 kinders, naamlik 27.3 persent in beide gevalle.

4.2.2 Begeerde kindertal volgens huistaal

Die begeerde kindertal van die vroue, volgens huistaal, word in tabel 4.2 aangetoon.

Volgens tabel 4.2 weet meer as 'n kwart van die vroue in die steekproef nie hoeveel kinders hulle begeer nie, naamlik 28.7 persent, van die vroue wat slegs Afrikaanssprekend is, 26.7 persent wat slegs Engelssprekend is en 27.3 persent wat Afrikaans- en Engelssprekend is.

'n Groter persentasie vroue wat slegs Afrikaans of Engels as huistaal aangegee het, wil eerder 4 tot 6 kinders hê, as 3 en minder kinders, naamlik 44.5 persent teenoor 20.9 persent en 46.6 persent teenoor 20.0 persent, respektiewelik. Daarenteen begeer vroue wat beide Afrikaans en Engels as huistaal aangegee het drie en minder kinders, terwyl 'n kleiner persentasie vroue 4 tot 6 kinders begeer (45.5% teenoor 27.3%).

Slegs by die groep vroue wat net Afrikaans of Engels as huistaal aangegee het, kom vroue voor wat 7 of meer kinders begeer, naamlik 6.3 en 6.7 persent, respektiewelik.

Die meeste vroue wie se huistaal net Afrikaans of Engels is, begeer 4 kinders (23.7% en 20.0%, respektiewelik), terwyl die meeste vroue wat sowel Afrikaans as Engels as huistaal aangegee het twee of vier kinders begeer, naamlik 27.3 persent in beide gevalle.

TABEL 4.2

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS HUISTAAL

| Huistaal | Begeerde kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11+ | Sub-totaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Afrikaans | 28.7 | 0.4 | 1.8 | 9.7 | 9.0 | 58 | 20.9 | 23.7 | 5.4 | 15.4 | 124 | 44.5 | 1.1 | 2.2 | 0.4 | 0.4 | 2.2 | 17 | 6.3 | 279 | 100.0 |
| Engels | 26.7 | - | - | 13.3 | 6.7 | 3 | 20.0 | 20.0 | 13.3 | 13.3 | 7 | 46.6 | - | 6.7 | - | - | - | 1 | 6.7 | 15 | 100.0 |
| Afrikaans en Engels | 27.3 | - | - | 27.3 | 18.2 | 3 | 45.5 | 27.3 | - | - | 3 | 27.3 | - | - | - | - | - | - | - | 11 | 100.0 |
| Totaal | 28.5 | 0.3 | 1.6 | 10.5 | 9.2 | 66 | 21.6 | 23.6 | 5.6 | 14.8 | 134 | 44.0 | 1.0 | 2.3 | 0.3 | 0.3 | 2.0 | 18 | 5.9 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.2.3 Verwagte kindertal volgens huistaal

Tabel 4.3 toon die verwagte kindertal van die vroue, volgens huistaal, aan.

Uit tabel 4.3 blyk dit dat 'n groot persentasie van die vroue nie weet wat hulle verwagte kindertal is nie. Van die Afrikaanssprekende vroue het 28.7 persent, van die Engelssprekende en die vroue wat sowel Afrikaans- as Engelssprekend is 40.0 persent en 36.4 persent, respektiewelik, nie geweet wat hulle verwagte kindertal is nie.

Die meeste vroue wat net Afrikaanssprekend (43.7%) of Engelssprekend (26.7%) is, asook die vroue wat beide Afrikaans en Engels (36.4%) as huistaal aangegee het, verwag om 'n kindertal van tussen 4 tot 6 te hê. Die tweede grootste persentasie vroue in die onderskeie taalgroepe verwag om 'n kindertal van drie of minder kinders te hê naamlik Afrikaanssprekendes 16.6 persent, Engelssprekendes 13.4 persent en die vroue wat beide Afrikaans en Engels as huistaal aangegee het, met 27.2 persent.

Slegs van die vroue wat net Afrikaanssprekend en Engelssprekend is, verwag om 'n kindertal van 7 of meer te hê, naamlik 10.8 persent van die Afrikaanssprekende vroue en 20.0 persent van die Engelssprekende vroue in die steekproef.

Die grootste persentasie Afrikaanssprekende vroue en die vroue wat beide Afrikaans en Engels as huistaal aangegee het, verwag om 'n kindertal van vier te hê, naamlik 17.6 persent en 36.4 persent, onderskeidelik. Die grootste persentasie vroue wat net Engelssprekend is verwag egter om 'n kindertal van 5 of 8 te hê, naamlik 13.3 persent vroue in beide gevalle.

TABEL 4.3

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS HUISTAAL VAN VROUE

| Huistaal | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | Sub-totaal | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Afrikaans | 28.7 | 0.4 | 1.8 | 5.4 | 9.0 | 46 | 16.6 | 17.6 | 10.0 | 16.1 | 122 | 43.7 | 3.6 | 2.5 | 1.8 | 0.4 | 1.4 | 0.4 | 0.7 | - | - | 0.4 | 31 | 10.8 | 279 | 100.0 |
| Engels | 40.0 | - | - | 6.7 | 6.7 | 2 | 13.4 | 6.7 | 13.3 | 6.7 | 4 | 26.7 | - | 13.3 | 6.7 | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 20.0 | 15 | 100.0 |
| Afrikaans en Engels | 36.4 | - | - | 9.0 | 18.2 | 3 | 27.2 | 36.4 | - | - | 4 | 36.4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 11 | 100.0 |
| Totaal | 29.5 | 0.3 | 1.6 | 5.6 | 9.2 | 51 | 16.7 | 17.7 | 9.8 | 15.1 | 130 | 42.6 | 3.3 | 3.0 | 2.0 | 0.3 | 1.3 | 0.3 | 0.7 | - | - | 0.3 | 34 | 11.2 | 305 | 100.0 |

(Verwagte kindertal)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.2.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal, volgens huistaal

(a) Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat minstens 'n kwart van die vroue in die steekproef nie weet wat hulle begeerde en verwagte kindertal is nie. Tydens die voltooiing van die vraelyste het dit geblyk dat die onsekerheid daaraan te wyte kan wees dat by die gesinne weinig gesinsbeplanning voorkom.

(b) 'n Vergelyking van die tabelle huidige en begeerde kindertal toon aan dat meer vroue wat net Afrikaans- of Engelssprekend is 'n huidige kindertal van 7 en meer het as wat dit begeer, naamlik Afrikaanssprekend 13.6 persent teenoor 6.3 persent en Engelssprekend 20.0 persent teenoor 6.7 persent. Daarteenoor het 'n veel groter persentasie vroue wat beide Afrikaans- en Engelssprekend is 'n huidige kindertal van 4 tot 6 as wat dit begeer, naamlik 63.6 persent teenoor 27.3 persent.

(c) Meer vroue wat net Afrikaans- of Engelssprekend is, begeer 4 tot 6 kinders as die persentasie vroue wat reeds 'n huidige kindertal van 4 tot 6 het, naamlik Afrikaanssprekend 44.5 persent teenoor 36.9 persent en Engelssprekend 46.6 persent teenoor 33.3 persent.

(d) Die meeste vroue wie se huistaal net Afrikaans is, het 'n huidige kindertal van twee (19.0%) terwyl die grootste persentasie 'n begeerde en verwagte kindertal van 4 het (23.7% en 17.6%, onderskeidelik).

(e) Die grootste persentasie Engelssprekende vroue het 'n huidige kindertal van drie (26.7%), terwyl die meeste 'n begeerde kindertal van 4 (20.0%) en 'n verwagte kindertal van 5 of 8 het (13.3%).

(f) Die meeste vroue wat beide Afrikaans- en Engelssprekend is, het 'n huidige kindertal van 4 of 6 (27.3%) terwyl die grootste persentasie eintlik 'n kindertal van 2 of 4 begeer. Die grootste persentasie van vroue in die taalgroep verwag ook om 'n kindertal van 4, naamlik 36.4 persent, te hê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 4.3 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE HUWELIKSTAAT VAN DIE VROUE

Soos reeds in die hoofstuk oor die eienskappe van die steekproef aangedui is, is slegs vroue wat nog wettig of onwettig saam met hulle eerste mans lewe in die ondersoek betrek.

### 4.3.1 Huidige kindertal volgens huwelikstaat

In tabel 4.4 word 'n ontleding gegee van die huidige kindertal volgens huwelikstaat.

Tabel 4.4 toon aan dat van sowel die vroue wat wettig getroud is en die wat nie wettig getroud is nie maar saam met 'n man leef, die grootste persentasie drie of minder kinders het, gevolg deur die persentasie vroue wat vier tot ses kinders het en laastens die persentasie vroue wat 7 of meer kinders het. (Wettig getroud 47.3%, 38.9% en 13.7% en die vroue wat saam met 'n man leef maar nie wettig getroud is nie 59.9%, 28.6% en 11.4% onderskeidelik.)

Die grootste persentasie vroue wat wettig getroud is, het twee kinders (18.5%) terwyl die grootste persentasie vroue wat nie wettig getroud is nie, geen of vyf kinders het (14.3% in beide gevalle).

### 4.3.2 Begeerde kindertal volgens huwelikstaat

Tabel 4.5 toon die begeerde kindertal van die vroue volgens huwelikstaat aan.

Uit tabel 4.5 blyk dit dat amper die helfte (40%) van die vroue, wat nie wettig getroud is nie, en meer as 'n kwart (27.0%) van die vroue, wat wettig getroud is, nie weet hoeveel kinders hulle begeer nie.

Die grootste persentasie vroue wat wettig getroud is begeer tussen 4 en 6 kinders terwyl die meeste vroue, wat

TABEL 4.4

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSTAAT VAN VROUE

| Huwelikstaat | Huidige kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9+ | Sub-totaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud (leef saam) | 14.3 | 11.4 | 17.1 | 17.1 | 21 | 59.9 | 5.7 | 14.3 | 8.6 | 10 | 28.6 | 5.7 | - | 5.7 | 4 | 11.4 | 35 | 100.0 |
| Getroud | 4.4 | 7.4 | 18.5 | 17.0 | 128 | 47.3 | 14.4 | 15.6 | 8.9 | 105 | 38.9 | 4.4 | 3.7 | 5.6 | 37 | 13.7 | 270 | 100.0 |
| Totaal | 5.5 | 7.8 | 18.2 | 16.9 | 149 | 48.4 | 14.0 | 15.3 | 8.8 | 115 | 38.1 | 4.6 | 3.3 | 5.5 | 41 | 13.4 | 305 | 100.0 |

TABEL 4.5

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSTAAT VAN VROUE

| Huwelikstaat | Begeerde kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11+ | Sub-totaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud (leef saam) | 40.0 | - | 8.6 | 14.3 | 11.4 | 12 | 34.3 | 11.4 | 5.7 | - | 6 | 17.1 | - | 2.9 | - | - | 5.7 | 3 | 8.6 | 35 | 100.0 |
| Getroud | 27.0 | 0.4 | 0.7 | 10.0 | 8.9 | 54 | 20.0 | 25.2 | 5.6 | 16.7 | 128 | 47.5 | 1.1 | 2.2 | 0.4 | 0.4 | 1.5 | 15 | 5.6 | 270 | 100.0 |
| Totaal | 28.5 | 0.3 | 1.6 | 10.5 | 9.2 | 66 | 21.6 | 23.6 | 5.6 | 14.8 | 134 | 44.0 | 1.0 | 2.3 | 0.3 | 0.3 | 2.0 | 18 | 5.9 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie wettig getroud is nie maar saam met 'n man leef, drie of minder kinders begeer, naamlik 47.5 persent en 34.3 persent onderskeidelik. Proporsioneel begeer egter 'n groter persentasie vroue, wat nie wettig getroud is nie maar saam met 'n man leef, 7 of meer kinders, as die vroue wat wettig getroud is (8.6% teenoor 5.6%).

Die grootste persentasie vroue wat wettig getroud is begeer 'n kindertal van 4, naamlik 25.2 persent, terwyl die meeste vroue wat nie wettig getroud is nie 'n kindertal van twee begeer, naamlik 14.3 persent.

### 4.3.3 Verwagte kindertal volgens huwelikstaat

Die verwagte kindertal van die vroue, volgens huwelikstaat, word in tabel 4.6 aangetoon.

By sowel die vroue wat wettig en nie wettig getroud is nie, kom 'n groot persentasie vroue (28.5% en 37.1% respektiewelik) voor wat nie 'n verwagte kindertal kan aantoon nie.

Die meeste vroue wat wettig getroud is, naamlik 45.2 persent verwag om 'n kindertal van tussen vier en ses te hê terwyl die meeste vroue wat nie wettig getroud is nie, 'n verwagte kindertal van drie of minder het (31.4%). Proporsioneel het ook meer vroue wat wettig getroud is, 'n verwagte kindertal van 7 en meer as die vroue wat nie wettig getroud is nie, naamlik 11.4 persent teenoor 8.7 persent.

By die vroue wat wettig getroud is het die grootste persentasie 'n verwagte kindertal van 4 (18.9%) terwyl die grootste persentasie vroue wat nie wettig getroud is nie, 'n verwagte kindertal van drie het, naamlik 17.1 persent.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 4.6

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSTAAT VAN VROUE

| Huwelikstaat | Verwagte kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | Sub-totaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud (leef saam) | 37.1 | - | 8.6 | 5.7 | 17.1 | 11 | 31.4 | 8.6 | 5.7 | 8.6 | 8 | 22.9 | 2.9 | - | - | - | 2.9 | 2.9 | - | - | - | - | 3 | 8.7 | 35 | 100.0 |
| Getroud | 28.5 | 0.4 | 0.7 | 5.6 | 8.1 | 40 | 14.8 | 18.9 | 10.4 | 15.9 | 122 | 45.2 | 3.3 | 3.3 | 2.2 | 0.4 | 1.1 | - | 0.7 | - | - | 0.4 | 31 | 11.4 | 270 | 100.0 |
| Totaal | 29.5 | 0.3 | 1.6 | 5.6 | 9.2 | 51 | 16.7 | 17.7 | 9.8 | 15.1 | 130 | 42.6 | 3.3 | 3.0 | 2.0 | 0.3 | 1.3 | 0.3 | 0.7 | - | - | 0.3 | 34 | 11.2 | 305 | 100.0 |

4.3.4 'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal, volgens huwelikstaat

(a) Persentasiegewys is daar 'n baie klein verskil tussen die vroue in die steekproef wat nie 'n begeerde en verwagte kindertal kan aantoon nie, naamlik wettige getroudes 27.0 persent teenoor 28.5 persent en vroue wat nie wettig getroud is nie 40.0 persent teenoor 37.1 persent.

(b) 'n Groter persentasie vroue wat nie wettig getroud is nie het reeds 'n groter huidige kindertal as wat hulle begeer (vier tot ses kinders 28.6 persent teenoor 17.1 persent en 7 en meer kinders 11.4 persent teenoor 8.6 persent onderskeidelik). Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan swak gesinsbeplanning en dat 'n groot persentasie Kleurlinge nie kennis dra of gebruik maak van kontrasepsiemiddele nie.

(c) By die huidige kindertal van die vroue wat nie wettig getroud is nie, kom ook 'n groter persentasie vroue voor wat 4 tot 6 en 7 en meer kinders het, as by die verwagte kindertal naamlik 28.6 persent teenoor 22.9 persent en 11.4 persent teenoor 8.7 persent. Die moontlike verklaring is dat 'n groot persentasie vroue (37.1%) wat nie wettig getroud is nie, nie weet wat hulle verwagte kindertal is nie.

(d) Meer vroue wat wettig getroud is begeer 4 tot 6 kinders as vroue in die groep wat 'n huidige kindertal van 4 tot 6 het (47.5% teenoor 38.9%) terwyl weer meer getroude vroue 'n huidige kindertal van 7 en meer het as wat dit begeer (13.7% teenoor 5.6%).

(e) Dit blyk verder dat 'n groter persentasie getroude vroue verwag om 'n kindertal van 7 en meer te hê as wat dit begeer (11.4% teenoor 5.6%).

(f) Die meeste vroue wat wettig getroud is het 'n huidige kindertal van 2 (18.5%) terwyl die grootste persentasie vroue wat nie wettig getroud is nie 'n huidige kindertal van twee of drie het (17.1% in beide gevalle).

(g) Die meeste vroue wat wettig getroud is en die wat nie wettig getroud is nie, het 'n begeerde kindertal van 4 en 2 onderskeidelik (25.2% en 14.3% respektiewelik).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(h) Die grootste persentasie vroue wat nie wettig getroud is nie verwag om 'n kindertal van 3 (17.1%) te hê, terwyl weer meer vroue wat wettig getroud is 'n verwagte kindertal van vier het, naamlik 18.9 persent.

## 4.4 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE KERKVERBAND VAN DIE VROUE

### 4.4.1 Huidige kindertal volgens kerkverband

Tabel 4.7 toon 'n ontleding aan van die huidige kindertal, volgens kerkverband.

Volgens tabel 4.7 blyk dit dat die grootste persentasie vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde kerk, Metodiste kerk, Rooms-Katolieke kerk en Mohammedaanse geloof is, drie of minder kinders het en wat gevolg word deur die groep vroue wat 4 tot 6 kinders het. Daarteenoor het die meeste vroue wat lidmate van die Congregational en Anglikaanse kerk is, 4 tot 6 kinders, terwyl by die Congregational kerk die tweede grootste persentasie vroue 7 en meer kinders en by die Anglikaanse kerk drie of minder kinders het.

Die grootste persentasie van die vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde kerk en een of ander sekte is het twee kinders, vroue wat lidmate van die Metodiste en Rooms-Katolieke kerk is het meestal drie kinders en vroue wat lidmate van die Anglikaanse kerk is het meestal vyf kinders. Vroue wat lidmate van die Congregational kerk is, het meestal vier of sewe kinders terwyl die meeste vroue wat lidmate van die Mohammedaanse geloof is, twee, drie of vyf kinders het.

### 4.4.2 Begeerde kindertal volgens kerkverband

Die begeerde kindertal van die vroue, volgens kerkverband, word in tabel 4.8 aangetoon.

TABEL 4.7

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND VAN VROUE

| Kerkverband | Huidige kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9+ | Sub-totaal | | | |
| | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Geen | - | 100.0 | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Nederduits Gereformeerd | 9.4 | 10.9 | 20.3 | 14.1 | 35 | 54.7 | 17.2 | 12.5 | 6.3 | 23 | 36.0 | 4.7 | 1.6 | 3.1 | 6 | 9.4 | 64 | 100.0 |
| Apostoliese Geloofsending | - | - | 100.0 | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Sektes | 2.0 | 14.0 | 20.0 | 10.0 | 23 | 46.0 | 12.0 | 18.0 | 8.0 | 19 | 38.0 | 2.0 | 6.0 | 8.0 | 8 | 16.0 | 50 | 100.0 |
| Metodiste | 6.7 | 13.3 | 13.3 | 26.7 | 9 | 60.0 | 13.3 | 13.3 | 13.3 | 6 | 39.9 | - | - | - | - | - | 15 | 100.0 |
| Congregational | 7.1 | 7.1 | - | 7.1 | 3 | 21.3 | 21.4 | 14.3 | 7.1 | 6 | 42.8 | 21.4 | 14.3 | - | 5 | 35.7 | 14 | 100.0 |
| Anglikaan | 3.5 | 1.8 | 10.5 | 15.8 | 18 | 31.6 | 15.8 | 21.1 | 14.0 | 29 | 50.9 | 5.3 | 1.8 | 10.5 | 10 | 17.6 | 57 | 100.0 |
| Rooms-Katoliek | 4.1 | 6.8 | 20.3 | 21.6 | 39 | 52.8 | 10.8 | 13.5 | 10.8 | 26 | 35.1 | 4.1 | 2.7 | 5.4 | 9 | 12.2 | 74 | 100.0 |
| Mohammedaan | - | - | 28.6 | 28.6 | 4 | 57.2 | - | 28.6 | - | 2 | 28.6 | - | - | 14.3 | 1 | 14.3 | 7 | 100.0 |
| Ander | 13.6 | - | 31.8 | 27.3 | 16 | 72.7 | 9.1 | 9.1 | - | 4 | 18.2 | 4.5 | 4.5 | - | 2 | 9.0 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 5.5 | 7.8 | 18.2 | 16.9 | 149 | 48.4 | 14.0 | 15.3 | 8.8 | 115 | 38.1 | 4.6 | 3.3 | 5.5 | 41 | 13.4 | 305 | 100.0 |

## TABEL 4.8

## BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND VAN VROUE

| | Begeerde kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11+ | Sub-totaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Geen | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Nederduits Gereformeerd | 40.6 | - | - | 12.5 | 9.4 | 14 | 21.9 | 14.1 | 4.7 | 10.9 | 19 | 29.7 | - | 3.1 | - | - | 4.7 | 5 | 7.8 | 64 | 100.0 |
| Apostoliese Geloofsending | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Sektes | 40.3 | - | 4.0 | 8.0 | 6.0 | 9 | 18.0 | 22.0 | 4.0 | 12.0 | 19 | 38.0 | - | 2.0 | - | - | 2.0 | 2 | 4.0 | 50 | 100.0 |
| Metodiste | 13.3 | - | - | 6.7 | 20.0 | 4 | 26.7 | 26.7 | - | 33.3 | 9 | 60.0 | - | - | - | - | - | - | - | 15 | 100.0 |
| Congregational | 14.3 | - | 7.1 | - | 7.1 | 2 | 14.2 | 14.3 | 7.1 | 21.4 | 6 | 42.8 | - | 21.4 | - | 7.1 | - | 4 | 28.5 | 14 | 100.0 |
| Anglikaan | 22.8 | 1.8 | - | 12.3 | 14.0 | 16 | 28.1 | 26.3 | 1.8 | 17.5 | 26 | 45.6 | - | - | 1.8 | - | 1.8 | 2 | 3.6 | 57 | 100.0 |
| Rooms-Katoliek | 18.9 | - | 1.4 | 12.2 | 5.4 | 14 | 19.0 | 36.5 | 8.1 | 12.2 | 42 | 56.8 | 2.7 | 1.4 | - | - | 1.4 | 4 | 5.5 | 74 | 100.0 |
| Mohammedaan | 28.6 | - | - | 14.3 | 14.3 | 2 | 28.6 | - | 14.3 | 28.6 | 3 | 42.9 | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 100.0 |
| Ander | 27.3 | - | 4.5 | 9.1 | 9.1 | 5 | 22.7 | 18.2 | 13.6 | 13.6 | 10 | 45.4 | 4.5 | - | - | - | - | 1 | 4.5 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 28.5 | 0.3 | 1.6 | 10.5 | 9.2 | 66 | 21.6 | 23.6 | 5.6 | 14.8 | 134 | 44.0 | 1.0 | 2.3 | 0.3 | 0.3 | 2.0 | 18 | 5.9 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Blykens tabel 4.8 het 40.6 persent en 40.3 persent, onderskeidelik, van die vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde kerk en een of ander sekte is nie geweet wat hulle begeerde kindertal is nie. Van die vroue wat lidmate van die Mohammedaanse geloof is, het 28.6 persent, van die Anglikaanse kerk 22.8 persent, van die Rooms-Katolieke kerk 18.9 persent, van die Congregational kerk 14.3 en van die Metodiste kerk 13.3 persent nie geweet wat hulle begeerde kindertal is nie.

Die grootste persentasie vroue in al die kerke, onder bespreking, begeer 'n kindertal van tussen vier en ses, terwyl die tweede grootste groep vroue met uitsondering van die vroue in die Congregational kerk, 'n begeerde kindertal van drie of minder kinders het.

Die meeste vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde kerk, sektes, Anglikaanse en Rooms-Katolieke kerk is, het 'n begeerde kindertal van vier. Vroue wat lidmate van die Metodiste kerk en Mohammedaanse geloof is, begeer weer grootliks 6 kinders terwyl vroue wat lidmate van die Congregational kerk is weer ses of agt kinders begeer.

### 4.4.3 <u>Verwagte kindertal volgens kerkverband</u>

'n Ontleding van die verwagte kindertal, volgens kerkverband, word in tabel 4.9 aangedui.

Uit tabel 4.9 blyk ook dat 'n groot persentasie van die vroue in die ondersoekgroep wat lidmate van die kerke onder bespreking is, nie weet wat hulle verwagte kindertal is nie, naamlik Nederduits Gereformeerde kerk (42.2%), sektes (40.0%), Mohammedaanse geloof (28.6%), Anglikaanse kerk (24.6%), Rooms-Katolieke kerk (21.6%), Metodiste kerk (13.3%) en Congregational kerk (7.1%).

TABEL 4.9

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS KERKVERBAND VAN VROUE

| Kerkverband | Verwagte kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | Sub-totaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Geen | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Nederduits Gereformeerd | 42.2 | - | 1.6 | 6.3 | 7.8 | 10 | 15.7 | 15.6 | 10.9 | 10.9 | 24 | 37.4 | 1.6 | - | - | - | 3.1 | - | - | - | - | - | 3 | 4.7 | 64 | 100.0 |
| Apostoliese Geloofsending | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Sektes | 40.0 | - | 4.0 | 6.0 | 4.0 | 7 | 14.0 | 8.0 | 6.0 | 14.0 | 14 | 28.0 | 2.0 | 8.0 | 6.0 | - | - | - | 2.0 | - | - | - | 9 | 18.0 | 50 | 100.0 |
| Metodiste | 13.3 | - | - | - | 20.0 | 3 | 20.0 | 33.3 | - | 33.3 | 10 | 66.6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 15 | 100.0 |
| Congregational | 7.1 | - | 7.1 | - | 7.1 | 2 | 14.2 | 21.4 | 7.1 | 21.4 | 7 | 49.9 | 14.3 | 14.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 28.6 | 14 | 100.0 |
| Anglikaan | 24.6 | - | - | 1.8 | 14.0 | 9 | 15.8 | 15.8 | 8.8 | 21.1 | 26 | 45.7 | 3.5 | 1.3 | 1.8 | - | 3.5 | 1.8 | - | - | - | 1.8 | 8 | 14.2 | 57 | 100.0 |
| Rooms-Katoliek | 21.6 | 1.4 | 1.4 | 5.4 | 8.1 | 12 | 16.3 | 25.7 | 13.5 | 12.2 | 38 | 51.4 | 2.7 | 2.7 | 2.7 | 1.4 | - | - | 1.4 | - | - | - | 8 | 10.9 | 74 | 100.0 |
| Mohammedaan | 28.6 | - | - | 28.6 | - | 2 | 28.6 | - | 14.3 | 14.3 | 2 | 28.6 | 14.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 14.3 | 7 | 100.0 |
| Ander | 27.3 | - | - | 13.6 | 13.6 | 6 | 27.2 | 18.2 | 13.6 | 9.1 | 9 | 40.9 | 4.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 4.5 | 22 | 100.0 |
| Totaal | 29.5 | 0.3 | 1.6 | 5.6 | 9.2 | 51 | 16.7 | 17.7 | 9.8 | 15.1 | 130 | 42.6 | 3.3 | 3.0 | 2.0 | 0.3 | 1.3 | 0.3 | 0.7 | - | - | 0.3 | 34 | 11.2 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In al die kerkgroepe behalwe die Mohammedaanse geloof verwag die meeste vroue om 'n kindertal van tussen vier en ses te hê, terwyl die meeste vroue in die Mohammedaanse geloof verwag om drie of minder en vier tot ses kinders te hê.

Die meeste vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde en Rooms-Katolieke kerk is, het 'n verwagte kindertal van vier (15.6% en 25.7% onderskeidelik), die sektes en Anglikaanse kerk ses (14.0% en 21.1% respektiewelik), die Metodiste en Congregational kerk 4 of 6 (33.3% en 21.4% onderskeidelik) en die Mohammedaanse geloof, twee, naamlik 28.6 persent.

4.4.4 <u>'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens kerkverband</u>

(a) Dit blyk dat proporsioneel 'n groter persentasie vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde en Sekte kerke, as lidmate van die ander kerke onder bespreking, nie weet wat hulle begeerde en verwagte kindertal is nie.

(b) Die meeste vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde kerk is, het twee kinders (20.3%) terwyl die grootste persentasie vroue in dié kerk 'n begeerde en verwagte kindertal van vier het, naamlik 14.1 persent en 15.6 persent onderskeidelik.

(c) Vroue wat lidmate van die Sekte kerke is, het oor die algemeen twee kinders (20.0%), 'n begeerde kindertal van vier en 'n verwagte kindertal van ses, naamlik 22.0 persent en 14.0 persent respektiewelik.

(d) Die grootste persentasie vroue wat lidmate van die Metodiste kerk is, het drie kinders, 'n begeerde kindertal van ses en 'n verwagte kindertal van vier of ses (26.7%, 33.3% en 33.3% onderskeidelik).

(e) Die meeste vroue wat aan die Congregational kerk behoort het 'n huidige kindertal van vier of sewe (21.4%), 'n begeerde kindertal van ses of agt (21.4%) en 'n verwagte kindertal van vier of ses (21.4%).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(f) Onder vroue wat lidmate van die Anglikaanse kerk is, het die grootste persentasie 'n huidige kindertal van vyf, naamlik 21.1 persent, 'n begeerde kindertal van vier, naamlik 26.3 persent en 'n verwagte kindertal van ses, naamlik 21.1 persent.

(g) Vroue wat lidmate van die Rooms-Katolieke kerk is, het meestal drie kinders (21.6%), 'n begeerde en verwagte kindertal van vier, naamlik 36.5 persent en 25.7 persent, respektiewelik.

(h) Die grootste persentasie vroue in die Mohammedaanse geloof het twee, drie of vyf kinders (28.6%), terwyl die meeste vroue 'n begeerde kindertal van ses het (28.6%) en 'n verwagte kindertal van twee (28.6%).

## 4.5 DIE HUIDIGE, BEGEERDE EN VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS DIE PLEK WAAR DIE MANS EN VROUE OPGEGROEI HET

### 4.5.1 Huidige kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het

In tabel 4.10 en 4.11 word 'n ontleding gegee van die huidige kindertal volgens die plek waar die mans en vroue onderskeidelik opgegroei het.

Tabel 4.10 toon aan dat die grootste persentasie van die vroue, wie se mans grootliks op die plaas, plattelandse dorp, groot dorp en stad opgegroei het, drie of minder kinders het, gevolg deur die groep vroue wat vier tot ses kinders het en die vroue wat sewe en meer kinders het.

Vroue wie se mans op die plaas opgegroei het, het meestal vier kinders (28.6%) terwyl vroue wie se mans in 'n plattelandse dorp opgegroei het, meestal twee kinders (19.6%) het en die vroue wie se mans in 'n groot dorp en stad opgegroei het oor die algemeen drie kinders het (27.8% en 18.4% onderskeidelik).

In tabel 4.11 word die huidige kindertal van die vroue aangetoon volgens die plek waar hulle opgegroei het. Dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 4.10

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS PLEK WAAR MANS OPGEGROEI HET

| Plek waar opgegroei het | Huidige kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | Subtotaal | | 4 | 5 | 6 | Subtotaal | | 7 | 8 | 9+ | Subtotaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Plaas | - | 14.3 | 21.4 | 14.3 | 7 | 50.0 | 28.6 | 7.1 | 7.1 | 6 | 42.8 | 7.1 | - | - | 1 | 7.1 | 14 | 100.0 |
| Plattelandse dorp | 9.8 | 11.8 | 19.6 | 7.8 | 25 | 49.0 | 11.8 | 13.7 | 5.9 | 16 | 31.4 | 7.8 | 3.9 | 7.8 | 10 | 19.5 | 51 | 100.0 |
| Groot dorp | - | - | 16.7 | 27.8 | 8 | 44.5 | 5.6 | 16.7 | 16.7 | 7 | 39.0 | 5.6 | 5.6 | 5.6 | 3 | 16.8 | 18 | 100.0 |
| Stad | 5.4 | 7.2 | 18.0 | 18.4 | 109 | 49.0 | 13,5 | 16.2 | 9.0 | 86 | 38.7 | 3.6 | 3.2 | 5.4 | 27 | 12.2 | 222 | 100.0 |
| Totaal | 5.5 | 7.8 | 18.2 | 16.9 | 149 | 48.4 | 14.0 | 15.3 | 8.8 | 115 | 38.1 | 4.6 | 3.3 | 5.5 | 41 | 13.4 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 4.11

HUIDIGE KINDERTAL VOLGENS PLEK WAAR VROUE OPGEGROEI HET

| Plek waar opgegroei het | Huidige kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 0 | 1 | 2 | 3 | Subtotaal | | 4 | 5 | 6 | Subtotaal | | 7 | 8 | 9+ | Subtotaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Plaas | - | 26.3 | 15.8 | 10.5 | 10 | 52.6 | 15.8 | 15.8 | - | 6 | 31.6 | 5.3 | 5.3 | 5.3 | 3 | 15.9 | 19 | 100.0 |
| Plattelandse dorp | 6.8 | 1.7 | 15.3 | 16.9 | 24 | 40.7 | 13.6 | 20.3 | 6.8 | 24 | 40.7 | 6.8 | 6.8 | 5.1 | 11 | 18.7 | 59 | 100.0 |
| Groot dorp | - | - | 11.8 | 29.4 | 7 | 41.2 | 5.9 | 17.6 | 17.6 | 7 | 41.1 | - | 11.8 | 5.9 | 3 | 17.7 | 17 | 100.0 |
| Stad | 6.2 | 8.6 | 20.0 | 16.7 | 108 | 51.5 | 13.8 | 13.8 | 9.5 | 78 | 37.1 | 4.3 | 1.4 | 5.7 | 24 | 11.4 | 210 | 100.0 |
| Totaal | 5.5 | 7.8 | 18.2 | 16.9 | 149 | 48.4 | 14.0 | 15.3 | 8.8 | 115 | 38.1 | 4.6 | 3.3 | 5.5 | 41 | 13.4 | 305 | 100.0 |

blyk ook, net soos in die geval van die mans, dat die grootste persentasie vroue wat op 'n plaas, plattelandse dorp, groot dorp en stad opgegroei het, drie of minder kinders het, gevolg deur die groep vroue wat vier tot ses en laastens die vroue wat 7 en meer kinders het.

Die meeste vroue wat op 'n plaas opgegroei het, het een kind (26.3%), in 'n plattelandse dorp vyf kinders (20.3%), in 'n groot dorp drie kinders (29.4%) en in 'n stad twee kinders, naamlik 20.0 persent.

4.5.2 Begeerde kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het

'n Ontleding van die begeerde kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het, word in tabelle 4.12 en 4.13 aangetoon.

Meer vroue wie se mans grootliks op 'n plaas opgegroei het, het nie geweet wat hulle begeerde kindertal is nie as die vroue wie se mans in 'n stad, groot dorp of plattelandse dorp opgegroei het, naamlik 42.9 persent teenoor 28.8 persent, 27.8 persent en 23.5 persent onderskeidelik.

Oor die algemeen het die vroue van die mans in al vier die gebiede, waar die mans opgegroei het, 'n begeerde kindertal van vier tot ses, gevolg deur die vroue wat drie of minder kinders begeer, behalwe in die geval van mans wat in 'n groot dorp opgegroei het waar 'n ewe groot persentasie vroue drie of minder en sewe en meer kinders begeer, naamlik 16.7 persent in beide gevalle.

Vroue wie se mans op 'n plaas, plattelandse dorp en stad opgegroei het, begeer meestal vier kinders, naamlik 28.6 persent, 33.3 persent en 21.6 persent onderskeidelik, terwyl vroue wie se mans in 'n groot dorp opgegroei het meer 3, 4 en 6 kinders begeer.

## TABEL 4.12

### BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS PLEK WAAR MANS OPGEGROEI HET

| Plek waar opgegroei het | Begeerde kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Subtotaal | | 4 | 5 | 6 | Subtotaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11+ | Subtotaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Plaas | 42.9 | - | - | 21.4 | - | 3 | 21.4 | 28.6 | - | 7.1 | 5 | 35.7 | - | - | - | - | - | - | - | 14 | 100.0 |
| Plattelandse dorp | 23.5 | - | 2.0 | 5.9 | 3.9 | 6 | 11.8 | 33.3 | 5.9 | 19.6 | 30 | 58.8 | - | 3.9 | 2.0 | - | - | 3 | 5.9 | 51 | 100.0 |
| Groot dorp | 27.8 | - | - | - | 16.7 | 3 | 16.7 | 16.7 | 5.6 | 16.7 | 7 | 39.0 | 5.6 | 5.6 | - | - | 5.6 | 3 | 16.7 | 18 | 100.0 |
| Stad | 28.8 | 0.5 | 1.8 | 11.7 | 10.4 | 54 | 24.4 | 21.6 | 5.9 | 14.0 | 92 | 41.5 | 0.9 | 1.8 | - | 0.5 | 2.3 | 12 | 5.5 | 222 | 100.0 |
| Totaal | 28.5 | 0.3 | 1.6 | 10.5 | 9.2 | 66 | 21.6 | 23.6 | 5.6 | 14.8 | 134 | 44.0 | 1.0 | 2.3 | 0.3 | 0.3 | 2.0 | 18 | 5.9 | 305 | 100.0 |

TABEL 4.13

BEGEERDE KINDERTAL VOLGENS PLEK WAAR VROUE OPGEGROEI HET

| Plek waar opgegroei het | Begeerde kindertal | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Subtotaal | | 4 | 5 | 6 | Subtotaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11+ | Subtotaal | | TOTAAL | |
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| Plaas | 31.6 | 5.3 | - | 5.3 | 10.5 | 4 | 21.1 | 31.6 | - | 5.3 | 7 | 36.9 | - | 5.3 | - | - | 5.3 | 2 | 10.6 | 19 | 100.0 |
| Plattelandse dorp | 30.5 | - | 3.4 | 8.5 | 8.5 | 12 | 20.4 | 18.6 | 6.8 | 11.9 | 22 | 37.3 | 1.7 | 3.4 | 1.7 | - | 5.1 | 7 | 11.9 | 59 | 100.0 |
| Groot dorp | 11.8 | - | - | 11.8 | 11.8 | 4 | 23.6 | 23.5 | 5.9 | 17.6 | 8 | 47.0 | - | 11.8 | - | - | 5.9 | 3 | 17.7 | 17 | 100.0 |
| Stad | 29.0 | - | 1.4 | 11.4 | 9.0 | 46 | 21.8 | 24.3 | 5.7 | 16.2 | 97 | 46.2 | 1.0 | 1.0 | - | 0.5 | 0.5 | 6 | 3.0 | 210 | 100.0 |
| Totaal | 28.5 | 0.3 | 1.6 | 10.5 | 9.2 | 66 | 21.6 | 23.6 | 5.6 | 14.8 | 134 | 44.0 | 1.0 | 2.3 | 0.3 | 0.3 | 2.0 | 18 | 5.9 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens tabel 4.13 het 'n veel kleiner persentasie vroue wat meestal in 'n groot dorp opgegroei het, nie geweet wat hulle begeerde kindertal is nie, as vroue wat grotendeels in stede, plattelandse dorpe en plase opgegroei het, naamlik 11.8 persent teenoor 29.0 persent, 30.5 persent en 31.6 persent onderskeidelik.

Die meeste vroue in al vier die gebiede waar die vroue opgegroei het, begeer tussen vier en ses kinders, wat gevolg word deur die vroue wat drie of minder kinders begeer en laastens die vroue wat sewe en meer kinders begeer.

By sowel die vroue wat meestal op 'n plaas, plattelandse dorp, groot dorp en stad opgegroei het, is die begeerde kindertal vier (31.6%, 18.6%, 23.5% en 24.3% onderskeidelik).

4.5.3 Verwagte kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het

Tabelle 4.14 en 4.15 gee 'n ontleding van die verwagte kindertal volgens die plek waar die mans en vroue opgegroei het.

Volgens tabel 4.14 blyk dit dat 'n veel groter persentasie vroue, wie se mans grootliks op 'n plaas opgegroei het, nie weet wat hulle verwagte kindertal is, as die vroue wie se mans grootliks in 'n plattelandse dorp, stad of groot dorp opgegroei het nie (42.9% teenoor 29.4%, 28.8% en 27.8% respektiewelik).

| 17 - 18 jaar | 41.7 | - | - | - | - | - | - | 25.0 | 8.3 | 16.7 | 6 | 50.0 | - | - | - | - | 8.3 | 1 | 8.3 | 12 | 100.0 |
| 19 - 20 jaar | 14.3 | - | 7.1 | 14.3 | 7.1 | 4 | 28.5 | 14.3 | 7.1 | 14.3 | 5 | 35.7 | - | 21.4 | - | - | - | 3 | 21.4 | 14 | 100.0 |
| Sub-totaal | 26.5 | - | 2.0 | 12.7 | 3.9 | 19 | 18.6 | 20.6 | 2.9 | 18.6 | 43 | 42.1 | 2.9 | 4.9 | - | 1.0 | 3.9 | 13 | 12.7 | 102 | 100.0 |
| 21 - 22 jaar | 50.0 | - | - | - | 5.6 | 1 | 5.6 | 16.7 | 5.6 | 16.7 | 7 | 39.0 | - | - | 5.6 | - | - | 1 | 5.6 | 18 | 100.0 |
| 23 - 24 jaar | 42.9 | - | - | - | - | - | - | 28.6 | - | 14.3 | 3 | 42.9 | - | - | - | - | 14.3 | 1 | 14.3 | 7 | 100.0 |
| 25 - 26 jaar | - | - | 25.0 | 25.0 | - | 2 | 50.0 | - | 25.0 | 25.0 | 2 | 50.0 | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 100.0 |
| 27 - 28 jaar | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| 29 - 30 jaar | - | - | - | - | - | - | - | 100.0 | - | - | 1 | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| Sub-totaal | 41.9 | - | 3.2 | 3.2 | 3.2 | 3 | 9.6 | 19.4 | 6.5 | 16.1 | 13 | 42.0 | - | - | 3.2 | - | 3.2 | 2 | 6.4 | 31 | 100.0 |
| Totaal | 28.5 | 0.3 | 1.6 | 10.5 | 9.2 | 66 | 21.6 | 23.6 | 5.6 | 14.8 | 134 | 44.0 | 1.0 | 2.3 | 0.3 | 0.3 | 2.0 | 18 | 5.9 | 305 | 100.0 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die meeste vroue wat 10 jaar en minder, tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is, het 'n begeerde kindertal van vier tot ses, gevolg deur die vroue wat 'n begeerde kindertal van drie en minder het en laastens die vroue wat 'n begeerde kindertal van sewe en meer het.

Proporsioneel begeer 'n groter persentasie vroue wat 10 jaar en minder getroud is 'n kindertal van drie en minder en vier tot ses, as vroue wat tussen 11 tot 20 jaar en 21 tot 30 jaar getroud is. Persentasiegewys begeer weer meer vroue, wat tussen 11 en 20 jaar getroud is 'n kindertal van 7 en meer as vroue wat tussen 21 en 30 jaar en tien jaar en minder getroud is respektiewelik.

Die grootste persentasie vroue wat 10 jaar en minder, tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is, het 'n begeerde kindertal van vier, naamlik 26.2 persent, 20.6 persent en 19.4 persent onderskeidelik.

### 6.4.3 Verwagte kindertal volgens huweliksduur van vroue

Tabel 6.9 gee 'n ontleding van die verwagte kindertal volgens die huweliksduur van die vroue.

Tabel 6.9 toon aan dat meer as 'n kwart van die vroue wat 10 jaar en minder, tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is, nie geweet het wat hulle verwagte kindertal is nie, naamlik 29.1 persent, 27.5 persent en 38.7 persent onderskeidelik.

Persentasiegewys het 'n groter persentasie vroue wat 10 jaar en minder getroud is 'n verwagte kindertal van drie en minder as die vroue wat tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is, naamlik 22.8 persent teenoor 9.8 persent en 6.5 persent respektiewelik. Hierteenoor het proporsioneel weer 'n groter persentasie vroue wat tussen 21 en

VERWAGTE KINDERTAL VOLGENS HUWELIKSDUUR VAN VROUE

| Huweliksduur | Weet nie | 0 | 1 | 2 | 3 | Sub-totaal | | 4 | 5 | 6 | Sub-totaal | | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | Sub-totaal | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | G | % | % | % | % | G | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % | G | % | G | % |
| 0 - 2 jaar | 28.9 | - | 4.4 | 11.1 | 11.1 | 12 | 26.6 | 22.2 | 6.7 | 15.6 | 20 | 44.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 45 | 100.0 |
| 3 - 4 jaar | 27.3 | - | - | 12.1 | 15.2 | 9 | 27.3 | 21.2 | 12.1 | 12.1 | 15 | 45.4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 33 | 100.0 |
| 5 - 6 jaar | 25.0 | 2.8 | - | 2.8 | 19.4 | 9 | 25.0 | 27.8 | 5.6 | 8.3 | 15 | 41.7 | - | - | 5.6 | - | - | - | 2.8 | - | - | - | 3 | 8.4 | 36 | 100.0 |
| 7 - 8 jaar | 41.2 | - | - | - | 8.8 | 3 | 8.8 | 11.8 | 17.6 | 14.7 | 15 | 44.1 | 2.9 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2.9 | 2 | 5.8 | 34 | 100.0 |
| 9 - 10 jaar | 20.8 | - | - | 8.3 | 16.7 | 6 | 25.0 | 20.8 | 16.7 | 8.3 | 11 | 45.8 | - | 4.2 | 4.2 | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 8.4 | 24 | 100.0 |
| Sub-totaal | 29.1 | 0.6 | 1.2 | 7.0 | 14.0 | 39 | 22.8 | 20.9 | 11.0 | 12.2 | 76 | 44.1 | 0.6 | 0.6 | 1.7 | - | - | - | 0.6 | - | - | 0.6 | 7 | 4.1 | 172 | 100.0 |
| 11 - 12 jaar | 28.6 | - | - | 7.1 | 7.1 | 4 | 14.2 | 17.9 | 10.7 | 25.0 | 15 | 53.6 | 3.6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 3.6 | 28 | 100.0 |
| 13 - 14 jaar | 33.3 | - | - | - | 3.7 | 1 | 3.7 | 22.2 | 11.1 | 18.5 | 14 | 51.8 | - | 3.7 | - | 3.7 | 3.7 | - | - | - | - | - | 3 | 11.1 | 27 | 100.0 |
| 15 - 16 jaar | 19.0 | - | - | 9.5 | - | 2 | 9.5 | 14.3 | 4.8 | 23.8 | 9 | 42.9 | 19.0 | - | - | - | 9.5 | - | - | - | - | - | 6 | 28.5 | 21 | 100.0 |
| 17 - 18 jaar | 41.7 | - | - | - | - | - | - | 8.3 | 16.7 | 25.0 | 6 | 50.0 | - | - | 8.3 | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 8.3 | 12 | 100.0 |
| 19 - 20 jaar | 14.3 | - | 7.1 | 7.1 | 7.1 | 3 | 21.3 | 7.1 | 7.1 | 7.1 | 3 | 21.3 | - | 42.9 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | 42.9 | 14 | 100.0 |
| Sub-totaal | 27.5 | - | 1.0 | 4.9 | 3.9 | 10 | 9.8 | 15.7 | 9.8 | 20.6 | 47 | 46.1 | 4.9 | 6.9 | 1.0 | 1.0 | 2.9 | - | - | - | - | - | 17 | 16.7 | 102 | 100.0 |
| 21 - 22 jaar | 50.0 | - | - | - | - | - | - | 11.1 | 5.6 | 11.1 | 5 | 27.8 | 16.7 | - | 5.6 | - | - | - | - | - | - | - | 4 | 22.3 | 18 | 100.0 |
| 23 - 24 jaar | 28.6 | - | 14.3 | - | - | 1 | 14.3 | - | - | 14.3 | 1 | 14.3 | 14.3 | - | 14.3 | - | - | 14.3 | - | - | - | - | 3 | 42.9 | 7 | 100.0 |
| 25 - 26 jaar | - | - | 25.0 | - | - | 1 | 25.0 | - | - | 25.0 | 1 | 25.0 | - | 25.0 | - | - | - | - | 25.0 | - | - | - | 2 | 50.0 | 4 | 100.0 |
| 27 - 28 jaar | 100.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 |
| 29 - 30 jaar | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 100.0 | - | - | - | - | - | 1 | 100.0 | 1 | 100.0 |
| Sub-totaal | 38.7 | - | 6.5 | - | - | 2 | 6.5 | 6.5 | 3.2 | 12.9 | 7 | 22.6 | 12.9 | 3.2 | 6.5 | - | 3.2 | 3.2 | 3.2 | - | - | - | 10 | 32.2 | 31 | 100.0 |
| Totaal | 29.5 | 0.3 | 1.6 | 5.6 | 9.2 | 51 | 16.7 | 17.7 | 9.8 | 15.1 | 130 | 42.6 | 3.3 | 3.0 | 2.0 | 0.3 | 1.3 | 0.3 | 0.7 | - | - | 0.3 | 34 | 11.2 | 305 | 100.0 |

Note: in the printed table, the heading "Verwagte kindertal" spans every column from "Weet nie" to "TOTAAL".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

30 jaar getroud is 'n verwagte kindertal van sewe en meer as vroue wat tussen 11 en 20 en 10 jaar en minder getroud is (32.2%, 16.7% en 4.1% onderskeidelik).

Vroue wat tien jaar en minder en 11 tot 20 jaar getroud is, het meestal 'n verwagte kindertal van tussen vier en ses, terwyl die tweede grootste persentasie vroue wat 10 jaar en minder getroud is 'n verwagte kindertal van drie en minder het en die vroue wat tussen 11 en 20 jaar getroud is, die tweede grootste persentasie, 'n verwagte kindertal van sewe en meer het. Die grootste persentasie vroue wat tussen 21 en 30 jaar getroud is, het 'n verwagte kindertal van sewe en meer, gevolg deur die vroue wat 'n verwagte kindertal van vier tot ses het en laastens die vroue wat 'n verwagte kindertal van drie en minder het.

Die meeste vroue wat 10 jaar en minder, tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is, het 'n verwagte kindertal van vier, ses en ses of sewe, onderskeidelik, naamlik 20.9 persent, 20.6 persent en 12.9 persent respektiewelik.

6.4.4 <u>'n Vergelyking van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die huweliksduur van die vroue in die steekproef</u>

(a) Dit blyk dat persentasiegewys, 'n groter persentasie vroue wat reeds 21 tot 30 jaar getroud is nie geweet het wat hulle begeerde en verwagte kindertal is nie, as vroue wat tussen 11 en 20 jaar en 10 jaar en minder getroud is.

(b) Van die vroue wat 10 jaar en minder getroud is het die grootste persentasie 'n huidige kindertal van drie (26.2%) en 'n begeerde en verwagte kindertal van vier, naamlik 26.2 persent en 20.9 persent onderskeidelik.

(c) Die meeste vroue wat tussen 11 en 20 jaar getroud is, het 'n huidige kindertal van vyf (19.6%), 'n begeerde kindertal van vier (20.6%) en 'n verwagte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kindertal van ses (20.6%).

(d) Die grootste persentasie vroue wat tussen 21 en 30 jaar getroud is het 'n huidige kindertal van 9 en meer (22.6%), 'n begeerde kindertal van vier (19.4%) en 'n verwagte kindertal van ses of sewe (12.9%).

## 6.5 SAMEVATTING

6.5.1 Proporsioneel het 'n groter persentasie vroue in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar 'n huidige, begeerde en verwagte kindertal van drie en minder as vroue in die ouderdomsgroepe 25 tot 34 jaar en 35 tot 44 jaar, terwyl 'n groter persentasie vroue in die ouderdomsgroep 35 tot 44 jaar weer 'n huidige, begeerde en verwagte kindertal van sewe en meer het as vroue in die ouderdomsgroep 25 tot 34 en 15 tot 24 jaar.

6.5.2 Persentasiegewys het 'n groter persentasie vroue wat getrou het toe hulle tussen 15 en 24 jaar oud was 'n huidige, begeerde en verwagte kindertal van 7 en meer as vroue wat getrou het toe hulle tussen 25 en 34 jaar oud was.

6.5.3 'n Groter persentasie vroue wat tien jaar en minder getroud is, het 'n huidige, begeerde en verwagte kindertal van drie en minder as vroue wat tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is. Proporsioneel egter het 'n groter persentasie vroue wat tussen 21 en 30 jaar getroud is 'n huidige en verwagte kindertal van sewe en meer as vroue wat tussen 11 en 20 jaar, en tien jaar en minder getroud is. Persentasiegewys egter begeer 'n groter persentasie vroue wat tussen 11 en 20 jaar getroud is 'n kindertal van sewe en meer as vroue wat tussen 21 en 30 jaar en tien jaar en minder getroud is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING

### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die belangrikste tendense wat in die ondersoek na vore gekom het, saamgevat en ontleed word.

### 7.2 HUISTAAL

Die oorgrote meerderheid van die vroue wat in die ondersoek betrek is, is Afrikaanssprekend, naamlik 279 teenoor 15 Engelssprekende en 11 Afrikaans- en Engelssprekende vroue. Dit sou dus, in die ondersoek, onmoontlik wees om te bepaal watter rol huistaal speel in die houding oor die huidige, begeerde en verwagte kindertal.

In die ondersoek is egter gevind dat die meeste vroue wat Afrikaanssprekend is, 'n huidige kindertal van twee het (19.0%), terwyl die meeste vroue wat Engelssprekend is, 'n huidige kindertal van drie het (26.7%) en die grootste persentasie vroue wat Afrikaans- en Engelssprekend is, 'n huidige kindertal van vier of ses het (27.3%).

Die grootste persentasie vroue wat slegs Afrikaanssprekend of Engelssprekend is, het 'n begeerde kindertal van vier, terwyl die meeste vroue wat Afrikaans- en Engelssprekend is, 'n begeerde kindertal van twee of vier het.

Van die vroue in die ondersoekgroep het die grootste persentasie wat slegs Afrikaanssprekend en Afrikaans- en Engelssprekend is, 'n verwagte kindertal van vier, terwyl

die meeste vroue wat slegs Engelssprekend is, 'n verwagte kindertal van vyf of agt het.

## 7.3 HUWELIKSTAAT

Die grootste persentasie vroue wat wettig getroud is, het 'n huidige kindertal van twee (18.5%) terwyl die meeste vroue wat nie wettig getroud is nie 'n huidige kindertal van twee of drie het (17.1%).

'n Interessante verskynsel wat by die huwelikstaat na vore kom, is dat die grootste persentasie vroue wat nie wettig getroud is nie 'n laer begeerde en verwagte kindertal het as die vroue wat wettig getroud is, naamlik twee teenoor vier en drie teenoor vier kinders respektiewelik.

Dié verskynsel mag daaraan toegeskryf word dat vroue wat nie wettig getroud is nie, besef dat hul eggenotes hulle maklik kan verlaat en hulle dan alleen vir die kinders sal moet sorg. Hierdie gevoel van onsekerheid aan sekuriteit mag die begeerde en verwagte kindertal beperk by die vroue wat nie wettig getroud is nie.

## 7.4 KERKVERBAND

Verskeie ondersoekers soos byvoorbeeld Whelpton, Campbell, Patterson, Freedman, ensovoorts, het gevind dat proefpersone wat lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk is, 'n groter huidige, begeerde en verwagte kindertal het as proefpersone wat lidmate van die Protestantse kerke is. So het Whelpton, Campbell en Patterson byvoorbeeld in hulle ondersoek van 1960 in die Verenigde State gevind dat, „Catholic wives had already borne more children on the average than Protestants wives by the time of the interview in 1960. Furthermore, there is a substantially larger difference

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

between the numbers of children they thought they would have when their families were completed. The average most likely expected total number of births is 3.7 per cent for Catholics and 2.9 per cent for Protestants". (8, p.70.)

In hierdie ondersoek is geen verskil gevind in die begeerde en verwagte kindertal van lidmate van die Nederduits Gereformeerde en die Rooms-Katolieke Kerk nie. Die meeste vroue wat lidmate van die Nederduits Gereformeerde Kerk is, het 'n huidige kindertal van twee (20.3%), terwyl die grootste persentasie vroue wat lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk is, 'n huidige kindertal van drie het (21.6%). By sowel lidmate van die Nederduits Gereformeerde as Rooms-Katolieke Kerk het die grootste persentasie vroue 'n begeerde en verwagte kindertal van vier.

Verskeie verklarings vir die groot ooreenkoms in die fertiliteitsverwagtinge van lidmate van die Nederduits Gereformeerde en Rooms-Katolieke Kerk kan aangetoon word. Die belangrikste rede blyk egter te wees dat daar tans 'n kentering onder lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk plaasvind ten opsigte van hulle houding oor geboortebeperking. Verskeie van die proefpersone wat lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk is en wat van kontrasepsiemiddele gebruik maak, het gemeld dat dit vir hulle belangriker is om hulle kinders 'n goeie opvoeding te gee en materieel goed te versorg as om aan die streng eise van die Kerk oor geboortebeperking toe te gee. Daarom pas hulle geboortebeperking toe.

Die verskynsel kom heeltemal ooreen met wat Whelpton, Campbell en Patterson in 1960 in hulle ondersoek in die Verenigde State gevind het, naamlik, „Indeed, in recent years, many Catholic authorities have increasingly stressed that the responsibilities of parenthood require couples to have no more children than they can properly educate and adequately

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

provide with material and spiritual needs". (8, p. 70.)

## 7.5 PLEK WAAR MANS EN VROUE IN DIE ONDERSOEKGROEP OPGEGROEI HET

Proporsioneel het meer vroue wat op 'n plaas opgegroei het, 'n huidige kindertal van drie en minder (52.6%), as vroue wat in 'n plattelandse dorp, groot dorp en stad opgegroei het, terwyl weer meer vroue wat in 'n plattelandse dorp opgegroei het 'n huidige kindertal van sewe en meer het as vroue wat op 'n plaas, in 'n groot dorp en stad opgegroei het, naamlik 18.7 persent teenoor 15.9 persent, 17.7 persent en 11.4 persent onderskeidelik.

Persentasiegewys het meer vroue wat grootliks in 'n groot dorp opgegroei het 'n begeerde kindertal van drie en minder en sewe en meer as vroue wat op 'n plaas, in 'n plattelandse dorp, en stad opgegroei het.

Meer vroue wat in 'n groot dorp opgegroei het, het ook proporsioneel 'n verwagte kindertal van drie en minder as vroue wat op 'n plaas, in 'n plattelandse dorp en stad opgegroei het. Hierteenoor het, proporsioneel, meer vroue wat in 'n plattelandse dorp opgegroei het 'n verwagte kindertal van sewe en meer as vroue wat op 'n plaas, in 'n groot dorp of stad opgegroei het, naamlik 18.7 persent teenoor 15.8 persent, 17.7 persent en 8.2 persent onderskeidelik.

Meer vroue wat grootliks in 'n plattelandse dorp opgegroei het, het 'n huidige en verwagte kindertal van sewe en meer as vroue wat grootliks op 'n plaas, in 'n groot dorp of stad opgegroei het, terwyl weer, persentasiegewys, meer vroue wat grootliks in 'n groot dorp opgegroei het, 'n begeerde kindertal van sewe en meer het as vroue wat grootliks op 'n plaas, in 'n plattelandse dorp of stad opgegroei het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Groter persentasie vroue wie se mans op 'n plaas opgegroei het, het 'n huidige kindertal van drie en minder, as vroue wie se mans in 'n plattelandse dorp, groot dorp of stad opgegroei het, terwyl, proporsioneel meer vroue wie se mans grootliks in 'n plattelandse dorp opgegroei het, 'n huidige kindertal van sewe en meer het, as vroue wie se mans grootliks op 'n plaas, in 'n groot dorp of stad opgegroei het.

Persentasiegewys het 'n groter proporsie vroue wie se mans merendeel in 'n stad opgegroei het, 'n begeerde kindertal van drie en minder as vroue wie se mans grootliks op 'n plaas, in 'n plattelandse dorp of groot dorp opgegroei het, naamlik 24.4 persent teenoor 21.4 persent, 11.8 persent en 16.7 persent onderskeidelik. Hierteenoor het weer meer vroue wie se mans grootliks in 'n groot dorp opgegroei het 'n begeerde kindertal van sewe en meer, as vroue wie se mans meestal op 'n plaas, in 'n plattelandse dorp of stad opgegroei het.

'n Veel groter persentasie vroue wie se mans in 'n groot dorp opgegroei het, het 'n verwagte kindertal van drie en minder en sewe en meer as vroue wie se mans grootliks op 'n plaas, in 'n plattelandse dorp of stad opgegroei het, naamlik 22.3 persent teenoor 7.1 persent, 8.0 persent en 18.9 persent en 22.3 persent teenoor nul, 13.8 persent en 10.6 persent onderskeidelik.

Uit die voorafgaande bespreking blyk duidelik die groot ooreenkoms tussen die plek waar die vroue en hul mans opgegroei het en die huidige, begeerde en verwagte kindertal. So, byvoorbeeld, het die grootste persentasie vroue wat 'n huidige kindertal van drie en minder het, by sowel die vroue voorgekom wat op 'n plaas opgegroei het, asook die vroue wie se mans op 'n plaas opgegroei het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dieselfde verskynsel is ook waarneembaar by gesinne wat 'n huidige kindertal van sewe en meer het ( vroue en vroue wie se mans in 'n plattelandse dorp opgegroei het), vroue wat 'n begeerde kindertal van sewe en meer het (groot dorp in beide gevalle) en vroue wat 'n verwagte kindertal van drie en minder het (groot dorp). Die groot ooreenkoms by veral die begeerde en verwagte kindertal kan daaraan toegeskryf word dat die meeste vroue hul begeertes op hul mans geprojekteer het, aangesien die vrae oor die begeerde en verwagte kindertal van die mans ook aan die vroue en nie aan die mans gevra is nie.

## 7.6 DIE GROOTTE VAN DIE GESINNE WAARUIT DIE MANS EN VROUE AFKOMSTIG IS

In die steekproef het die grootste persentasie vroue 'n huidige kindertal van twee, 'n begeerde en verwagte kindertal van vier. Hierteenoor kom die grootste persentasie mans, waarmee die vroue getroud is, uit gesinne van sewe kinders, terwyl die grootste persentasie vroue uit gesinne kom van elf en meer kinders.

Na aanleiding van die voorafgaande paragraaf is dit geregverdig om te beweer dat in die ondersoek die grootte van die gesinne waaruit die mans en vroue afkomstig is geen invloed op die huidige, begeerde en verwagte kindertal van die vroue het nie. Oor die algemeen het die vroue 'n laer huidige, begeerde en verwagte kindertal as die grootte van die gesinne waaruit hulle en die mans afkomstig is.

## 7.7 ONDERWYSPEIL VAN DIE MANS EN VROUE

Vorige ondersoeke het veral twee tendense by die ontleding van die huidige, begeerde en verwagte kindertal volgens die onderwyspeil getoon, naamlik:-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(a) dat die huidige, begeerde en verwagte kindertal daal namate die proefpersone se onderwyskwalifikasies hoër is. So het Whelpton, Campbell en Patterson gevind dat in die Verenigde State, „The relationship between the number of expected births and the educational attainment of the wife tends to be negative, with significantly larger families being anticipated by the less-educated". (8, p. 93.)

(b) Ondersoekers soos Westoff, Potter, Sagi en Mishler het egter weer gevind dat in hul ondersoeke lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk en Joodse Geloof verwag om meer kinders te hê namate die opvoedkundige kwalifikasies styg.

In hierdie ondersoek is gevind dat daar nie 'n noemenswaardige verskil is in die vrugbaarheidsverwagtinge van vroue wat hoërskoolopleiding en vroue wat slegs laerskool of geen skoolopleiding gehad het nie. So byvoorbeeld het die grootste persentasie vroue wat slegs laerskool of geen skoolopleiding gehad het nie en ook die vroue wat hoërskoolopleiding gehad het, 'n begeerde en verwagte kindertal van vier. Die meeste vroue wat slegs laerskool of geen skoolopleiding gehad het nie en ook die vroue wat hoërskoolopleiding gehad het, het 'n huidige kindertal van twee maar het presies dieselfde persentasie ook 'n huidige kindertal van vyf by vroue wat slegs laerskool of geen skoolopleiding gehad het, en drie by vroue wat hoërskoolopleiding gehad het.

'n Groter verskil is egter merkbaar by die vrugbaarheidsverwagtinge van die vroue volgens die onderwyspeil van die mans. Opvallende verskille is hier merkbaar by die huidige en verwagte kindertal. In beide gevalle het vroue wie se mans slegs laerskool of geen skoolopleiding gehad het, 'n groter huidige en verwagte kindertal as vroue wie se mans hoërskoolopleiding gehad het, naamlik huidige kindertal van vier teenoor twee en verwagte kindertal van ses teenoor vier. Hierdie verskil mag toegeskryf word aan die

hoër onderwyskwalifikasies van die man. So beweer Freedman Whelpton en Campbell dat, „Fertility planning status is also consistently associated with educational level. The better educated the couple, the more probable it is that they will be in one of the effective planning categories and the less likely that they will have more pregnancies than they want ....... In summary, then, increasing education, is associated with fertility planning patterns involving more couples using contraception, more starting use earlier, and more planning their fertility effectively". (1, p. 121.)

## 7.8 BEROEP VAN DIE MANS EN VROUE

Geen noemenswaardige verskil kon in hierdie ondersoek tussen die vrugbaarheidsverwagtinge van die vroue en die „White Collar" en „Blue Collar" beroepe wat die mans beoefen, gevind word nie. Die gegewens kom baie ooreen met die ondersoek gedoen deur Dice, Clark, en Gilbert in Ann Harbour Michigan in die tydperk 1951 tot 1954. (16, p. 154.) Hulle kon ook nie enige verband vind tussen die vrugbaarheidsverwagtinge van die vroue en die beroepe wat die mans beoefen nie.

In die ondersoek is verder gevind dat die grootste persentasie vroue wat buitenshuise arbeid verrig, 'n huidige, begeerde en verwagte kindertal van vier het, terwyl die vroue wat nie buitenshuise arbeid verrig nie, die grootste persentasie 'n huidige, begeerde en verwagte kindertal van twee, vier en ses onderskeidelik, het.

'n Interessante verskynsel wat uit die voorafgaande paragraaf na vore kom, is dat die grootste persentasie vroue wat buitenshuise arbeid verrig, 'n groter huidige kindertal het as die grootste persentasie vroue wat nie buitenshuise arbeid verrig nie, en dat die grootste persentasie vroue wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie buitenshuise arbeid verrig nie, 'n groter verwagte kindertal het as vroue wat buitenshuise arbeid verrig, naamlik vier teenoor twee en ses teenoor vier onderskeidelik.

'n Moontlike verklaring vir die verskynsels is dat die vroue wat buitenshuise arbeid verrig deur die groot huidige kindertal en swak ekonomiese posisie verplig was om te gaan werk en dus ook verplig was om gesinsbeplanning en geboortebeperking toe te pas, wat weer 'n daling in die verwagte kindertal veroorsaak.

## 7.9 INKOMSTE VAN DIE MANS EN VROUE ASOOK HUL GESAMENTLIKE INKOMSTE

Dat inkomste 'n belangrike faktor by gesinsbeplanning behoort te wees, kan nie weggeredeneer word nie. Indien die gesin 'n geringe inkomste het, kan verwag word dat die egpaar 'n lae huidige, begeerde en verwagte kindertal sal hê aangesien die gesin dan nie finansiële sekuriteit het nie.

Die ondersoek toon aan dat vroue wat 'n gesamentlike inkomste van R60-00 en minder per maand het, 'n laer huidige kindertal het as vroue wat 'n gesamentlike inkomste van R61 tot R140 per maand en R141 en meer per maand het, naamlik twee teenoor vyf en drie onderskeidelik. Hier moet onthou word dat die jonger pare oor die algemeen in die laagste inkomstegroep val en is die moontlikheid groot dat die huidige kindertal wel mag vermeerder.

Geen verskil kon gevind word in die begeerte kindertal van vroue in die drie inkomstegroepe nie, maar het vroue wat 'n gesamentlike inkomste van R60 en minder per maand het, 'n hoër verwagte kindertal as vroue wat 'n gesamentlike inkomste van R61 tot R140 en R141 en meer per maand het, naamlik ses teenoor vier in die twee hoër inkomstegroepe onderskeidelik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die verskynsel kom presies ooreen met die ondersoek wat deur Whelpton, Campbell en Patterson in die Verenigde State van Amerika gedoen is: „Couples in the lower-income groups have probably been having more children than couples in the higher-income groups ever since the process of industrialization and urbanization began in the United States. However, the negative association between income and fertility has diminished considerably since the depression years of the 1930's. We find that the wives whose husbands were earning less than $ 5,000 per year expected a somewhat larger number of births than the wives of husbands with higher incomes, but the difference is very small .......

The wives of husbands in the higher-income classes had actually borne more children by the time of the interview in 1960 than the wives of husbands in the lower-income classes, but this can be attributed primarily to differences in age. The wives whose husbands had higher incomes were older and had been married longer on the average, and had thus had more time in which to have children". (8 , p. 103.)

## 7.10 OUDERDOM VAN DIE VROUE

Uit die ondersoek het duidelik na vore gekom dat hoe ouer die vroue is, hoe hoër is hul huidige kindertal. Van die vroue wat tussen 15 en 24 jaar oud is, het 90 persent 'n huidige kindertal van drie en minder, terwyl slegs 50.7 persent van die vroue wat tussen 25 en 34 jaar, en 27.6 persent van die vroue wat tussen 35 en 44 jaar oud is, 'n huidige kindertal van drie en minder het. Hierteenoor het 'n veel groter persentasie vroue wat tussen 35 en 44 jaar oud is, 'n huidige kindertal van sewe en meer, as vroue wat tussen 25 en 34 jaar en 15 en 24 jaar oud is, naamlik 30.3 persent teenoor 4.9 en 2.0 persent onderskeidelik.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verder blyk dit ook dat die grootste persentasie vroue wat tussen 15 en 24 jaar, 25 en 34 en 35 en 44 jaar oud is, 'n huidige kindertal van twee, drie en vyf onderskeidelik het.

Oor die algemeen is vroue wat ouer is veel langer getroud as vroue wat nog jonk is, en mag dít die rede vir die groter huidige kindertal by die vroue in die ouer ouderdomsgroep wees. Dit is dus noodsaaklik dat by 'n bespreking van die huidige kindertal en die ouderdom van die vroue ook aandag gegee word aan die huweliksduur van die proefpersone.

Die grootste persentasie vroue in die drie ouderdomsgroepe het 'n begeerde kindertal van vier, naamlik 22.0 persent, 26.7 persent en 20.2 persent vir die ouderdomsgroepe 15 tot 24 jaar, 25 tot 34 jaar en 35 tot 44 jaar onderskeidelik.

Vroue in die oudste ouderdomsgroep het egter 'n hoër verwagte kindertal as vroue in die jonger twee ouderdomsgroepe. Die grootste persentasie vroue in die ouderdomsgroepe 15 tot 24 jaar, 25 tot 34 jaar en 35 tot 44 jaar het 'n verwagte kindertal van drie, vier en ses onderskeidelik.

'n Verdere interessante verskynsel wat by die ouderdom en vrugbaarheidsverwagtinge van die vroue na vore kom, is dat by al die ouderdomsgroepe die grootste persentasie vroue 'n verwagte kindertal het wat slegs een hoër is as die grootste persentasie vroue in die onderskeie ouderdomsgroepe se huidige kindertal, naamlik twee teenoor drie, drie teenoor vier en vyf teenoor ses onderskeidelik vir die ouderdomsgroepe 15 tot 24 jaar, 25 tot 34 jaar, en 35 tot 44 jaar.

### 7.11 HUWELIKSOUDERDOM VAN DIE VROUE

Aangesien slegs één vrou eers ná haar 34ste jaar getrou het, word by die bespreking van die huweliksouderdom slegs

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n vergelyking getref tussen die vroue wat getrou het toe hulle tussen 15 en 24 jaar en 25 en 34 jaar oud was.

Vroue wat getrou het toe hulle nog in die jonger ouderdomsgroepe geval het, het tydens die ondersoek 'n groter huidige kindertal gehad as vroue wat eers getrou het toe hulle tussen 25 en 34 jaar oud was. So het die grootste persentasie vroue wat getrou het toe hulle tussen 15 en 24 jaar oud was, 'n huidige kindertal van drie terwyl die meeste vroue wat eers getrou het toe hulle in die ouer ouderdomsgroepe was, tydens die ondersoek 'n huidige kindertal van twee gehad het. Net soos by die voorafgaande onderafdeling oor die ouderdom van die vroue, kan die verskil in die huidige kindertal hier ook verklaar word deur die lengte van die huweliksduur. Vroue wat op 'n jonger ouderdom trou se huweliksduur is gewoonlik langer as vroue wat op 'n latere ouderdom trou, en is die moontlikheid van 'n groter kindertal ook groter.

Die grootste persentasie vroue in albei huweliksouderdomsgroepe het 'n begeerde kindertal van vier, naamlik 23.6 persent en 22.5 persent onderskeidelik van die vroue wat getrou het toe hulle tussen 15 en 24 jaar en 25 en 34 jaar oud was.

Die meeste vroue wat eers getrou het toe hulle tussen 25 en 34 jaar oud was, het 'n verwagte kindertal van ses, terwyl die meeste vroue wat getrou het toe hulle tussen 15 en 24 jaar oud was, 'n verwagte kindertal van vier het. Daar is egter gevind dat proporsioneel 'n veel groter persentasie vroue wat getrou het toe hulle in die jonger ouderdomsgroepe was, 'n verwagte kindertal van sewe en meer het as die vroue wat getrou het toe hulle eers in die ouer ouderdomsgroepe was, naamlik 12.8 persent teenoor 5.6 persent.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7.12 HUWELIKSDUUR

Dat huweliksduur 'n belangrike faktor is by die grootte van gesinne, blyk duidelik uit die ondersoek. Vroue wat tussen nul en tien jaar getroud is, het oor die algemeen 'n kleiner huidige kindertal as vroue wat tussen elf en twintig jaar en een-en-twintig en dertig jaar getroud is. Van die vroue wat tussen 0 en 10 jaar getroud is, het die grootste persentasie 'n huidige kindertal van drie (26.2%) terwyl die grootste persentasie vroue wat tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is, 'n huidige kindertal van vyf en nege en meer onderskeidelik het.

Die grootste persentasie vroue in al drie die huweliksduurgroepe het 'n begeerde kindertal van vier, maar het die grootste persentasie vroue wat tussen 0 en 10 jaar getroud is 'n kleiner verwagte kindertal as die grootste persentasie vroue wat tussen 11 en 20 jaar en 21 en 30 jaar getroud is, naamlik vier teenoor ses, en ses en sewe onderskeidelik.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat by die huidige en verwagte kindertal van die vroue, huweliksduur 'n belangrike rol speel. Hoe langer die vroue getroud is, hoe groter is die huidige en verwagte kindertal.

In die vorige twee onderafdelings, naamlik die oor die ouderdom van die vroue en die ouderdom by huweliksluiting, is ook gewys op die belangrike rol wat die twee faktore speel in die vrugbaarheidsverwagtinge van die vroue. Dit kan egter aanvaar word dat huweliksduur en nie die vroue se ouderdom of hul ouderdom by huweliksluiting, die belangrikste rol speel, aangesien die vroue se huidige ouderdom en hul ouderdom by huweliksluiting die huweliksduur bepaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7.13 VRUGBAARHEIDSVERANDERLIKES

In hierdie afdeling sal in kort aandag gegee word aan die huidige, begeerde en verwagte kindertal van die vroue in die ondersoekgroep.

Van die vroue het die grootste persentasie 'n huidige kindertal van twee (18.2%), 'n begeerde en verwagte kindertal van vier, naamlik 23.6 persent en 17.7 persent, onderskeidelik.

Ongelukkig het 'n baie groot persentasie van die vroue nie geweet wat hulle begeerde en verwagte kindertal is nie, naamlik 28.5 persent en 29.5 persent onderskeidelik. Die onsekerheid van die vroue kan toegeskryf word aan swak of geen gesinsbeplanning. Uitdrukkings soos, „soveel as wat die Here ons wil gee", was 'n baie algemene antwoord.

Vroue wat 'n huidige kindertal van agt en minder het, se gemiddelde kindertal is 3.2, terwyl die gemiddelde begeerde kindertal van vroue wat tien en minder kinders begeer, 4.2 is, en die gemiddelde verwagte kindertal van vroue wat verwag om 16 en minder kinders te hê, 5.2 is. Die gemiddelde huidige, begeerde en verwagte kindertal in hierdie ondersoek gekry, is veel hoër as die in ondersoeke gedoen in Amerika. So het Whelpton, Campbell en Patterson in hulle ondersoek in die Verenigde State van Amerika gevind dat die vroue in hul ondersoek 'n gemiddelde huidige kindertal van 2.4 het, 'n gemiddelde begeerde kindertal - minimum van 3.1 en 'n maksimum van 3.4 het en 'n gemiddelde verwagte kindertal - minimum 2.9 en maksimum 3.5 het. In Whelpton, Campbell en Patterson se ondersoek is ook Blankes ingesluit wat 'n vergelyking onmoontlik maak, maar is die syfers slegs aangetoon om te wys hoe hoog die vrugbaarheidsverwagtinge van die Kleurlingvroue is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die ondersoek het duidelik na vore gekom dat die hoë vrugbaarheidsverwagtinge van die vroue toegeskryf kan word aan weinig kennis van kontrasepsiemiddele, die agterdog wat daaraan kleef by die mans en die vroue wat wel daarvan kennis dra asook swak, of eintlik geen gesinsbeplanning nie, by die meeste gesinne.

Aspekte wat van belang is, maar wat nie in hierdie ondersoek gedek is nie, is:

1. Wie van die Kleurlingmans en -vroue die meeste ontvanklik is vir die positiewe gebruik van kontrasepsiemiddele en wie die mees aktiewe rol speel by die beplanning van die gesin.
2. Aangesien die vroue nou inligting oor geboortebeperking by die kinderkliniek kan ontvang sal die ondersoek, indien dit oor 'n paar jaar herhaal word, moontlik gewysigde tendense toon.
3. Sosio-ekonomiese faktore wat in verband staan met die groot persentasie vooregtelike kinders by Kleurlinge.
4. Meer intensiewe navorsing waarin dieper ingegaan word op die verband tussen bepaalde sosio-ekonomiese veranderlikes, soos statusstrewe, inkomste, onderwyspeil, ensovoorts, kan onderneem word, waarin met vrug van meer gesofistikeerde statistiese tegnieke gebruik gemaak kan word om die onderlinge verband met die vrugbaarheidsveranderlikes te bepaal.
5. Voortgesette navorsing om die invloed van die veranderende maatskaplike en sosio-ekonomiese posisie op die vrugbaarheidsveranderlikes te bepaal.
6. Die verskille en ooreenkomste in die vrugbaarheidsbegeertes en -verwagtinge van Kleurlinge wat in 'n landelike en stedelike omgewing woon. In die ondersoek sal ook gelet moet word of die Kleurlinge grootliks in 'n landelike of stedelike omgewing opgegroei het.
7. Eksperimente waarin die aanvaarbaarheid van kontrasepsiemiddele getoets word.

* * * * *

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BIBLIOGRAFIE

## A. BOEKE:


1. Freedman, R., Whelpton, P.K. and Campbell, A.A. : Family planning, sterility and population growth, McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1959.

2. Hill, R., Stycos, J.M. and Back, K.W. : The family and population control: a Puerto Rican experiment in social change, The University of North Carolina Press, (1959?).

3. Kiser, C.V. : Research and family planning, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1962.

4. Stycos, J.M. and Back, K.W. : The control of human fertility in Jamaica, Cornell University Press, Ithaca, New York, (1964?).

5. Tien, H.Y. : Social mobility and controlled fertility, College and University Press Publishers, New Haven, Conn, 1965.

6. Westoff, C.F., Potter, R.G. (Jr.) and Sagi, P.C. : The third child:- a Study in the prediction of fertility, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1963.

7. Westoff, C.F., Potter, R.G. (Jr.), Sagi, P.C. and Mishler, E.G. : Family growth in metropolitan America, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1961.

8. Whelpton, P.K., Campbell, A.A. and Patterson, J.E. : Fertility and family planning in the United States, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1966.

9. Whelpton, P.K. and Kiser, C.W. : Social and psychological factors affecting fertility, Volume Three, The Milbank Memorial Fund Quarterly, 1951.

10. Yankey, D. : Fertility differences in a modernizing country:- a Survey of Lebanese couples, Princeton University Press, Princeton, New Jersey, 1961.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## B. OFFISIËLE PUBLIKASIE:

11. S.A. Buro vir Statistiek. Statistiese Jaarboek, 1966. Pretoria, Staatsdrukker, (1966?).

## C. VERHANDELINGE:

12. Grové, D. : Sosiale afstand tussen Kleurlinge en Indiers in Pretoria, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1967.

13. Van der Walt, Tj. : Kleurlingbehuising in Eersterust, Pretoria: 'n Sosiologiese ontleding met besondere verwysing na onwenslike behuisingstoestande en die houding van die Kleurlinge ten opsigte van hul behuidingsomstandighede, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1966.

## D. TYDSKRIFTE:

14. Abu-Lughod, J. „The emergence of differential fertility in urban Egypt". Milbank memorial fund quarterly. 43(2), Apr., 1965: 235-253.

15. Carleton, R.O. „Fertility trends and differentials in Latin America". Milbank memorial fund quarterly. 43(5), Oct., 1965: 15-35.

16. Dice, L.R., Clark, P.J. and Gilbert, R.I. „Relation of fertility to occupation and to income in the male population of Ann Arbor, Michigan, 1951-54". Eugenics Quarterly. 11(3), Sept., 1964: 154-167.

17. Duncan, O.D. „Farm background and differential fertility". Demography. 2, 1965: 240-249.

18. Duncan, O.D., Freedman, R., Coble, J.M. and Slesinger, D.P. „Marital fertility and size of family of orientation". Demography. 2, 1965: 508-515.

19. Freedman, D. „The relation of economic status to fertility". The American economic review. 53(3), 1963: 414-426.

20. Freedman, R. and Coombs, L. „Childspacing and family economic position". American sociological review. 31(5), Oct., 1966: 631-648.

21. Freedman, R. and Coombs, L. „Economic considerations in family growth decisions". Population studies. 20(2), Nov., 1966: 197-222.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



22. Freedman, R. and Slesinger, D.P. „Fertility differentials for the indigenous non-farm population of the United States". Population Studies. 15, 1961-62: 161-173.

23. Goldstein, S. and Mayer, K.B. „Residence and status differences in fertility". Milbank memorial fund quarterly. 43(3), July, 1965, 291-310.

24. Heer, D.M. „Economic development and fertility". Demography. 3(2), 1966: 423-444.

25. Kunz, P.R. „The relation of income and fertility". Journal of marriage and the family. Nov., 1965: 509-513.

26. Madison, B. „Canadian family allowances and their major social implications". Journal of marriage and the family. 26(2), May, 1964: 134-141.

27. Powers, M.G. „Socio-economic status and the fertility of married women". Sociology and social research. 50(4), July, 1966: 472-482.

28. Zarate, A.O. „Differential fertility in Monterrey, Mexico. Prelude to transition"? Milbank memorial fund quarterly. 45(2), Apr., 1967: 93-108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAAG 1

DIE VRUGBAARHEIDSVERWAGTINGE VAN KLEURLINGVROUE IN EERSTERUST
(Vra slegs aan proefpersone 15 - 44 jaar)

1. Nommer van vraelys:-

2. Hoe oud is u?

3. Wat is u man se ouderdom?

4. Wat is u en u man se huistaal?

5. Wat is u huwelikstaat?

7. Hoeveel verbintenisse het u reeds gehad?

8. Wat was u presiese ouderdom by u eerste verbintenis?

9. Wat is u en u man se hoogste opvoedkundige kwalifikasies?

10. Wat is u en u man se beroep?

11. Wat is u en u man se inkomste per maand?

12. Wat is u kerkverband?

13. Waar het u en u man grootliks opgegroei?

14. Hoeveel kinders het u en u man se moeders gehad?

15. Hoeveel kinders wil u graag hê?

16. Waarom wil u ...... kinders hê of waarom mag of kan u nie kinders hê nie?

17. Hoeveel kinders wil u man graag hê?

18. Waarom wil hy ...... kinders hê?

19. Hoeveel kinders verwag u om nog te hê?

20. Waarom wil u nog net ...... kinders hê?

21. Hoeveel kinders het u tans?

22. Sou u op hierdie stadium meer of minder kinders as wat u tans het, wou gehad het? (Of in geval van vroue wat geen kinders het nie: Sou u graag op hierdie stadium kinders wou gehad het?)

23. Wat sal u sê is die ideale kindertal vir Kleurling egpare wat in stede woon?

24. Dra u enige kennis van kontrasepsiemiddele?

25. Indien wel, maak u daarvan gebruik?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1-6 UP / DOKW / US / UPotch / UOV / KBH / RAU / UPE

968 : 173.

R2; 173.71;
Afr.2; –